# SWART OP WIT

jg 1/4 'n tydskrif wat regsinnig én leesbaar wil wees 1985


# NOG 'N AANSLAG OP DIE GEREFORMEERDE KERKE

Met die verskyning in Suid-Afrika van Jimmy Swaggart Ministries se blad "Esther", beleef ons die soveelste aanslag op die gereformeerde godsdiens in Suid-Afrika. En wéér 'n keer uit die VSA. "Esther" is 'n tweetalige blad waarvan die eerste uitgawe byna 200 bladsye beslaan en wat van voor tot agter volgeskryf is met 'n populêre teologie wat nie uitmunt in diep- en regsinnigheid nie.

## AANSPRAKE

Die toonhoogte van die blad is egter geweldig. Dit maak daarop aanspraak dat God self die outeur (redakteur?) van die blad is (29), dat die uitgewer op 'n direkte bevel van God sy kantoor in Johannesburg geopen het (24) en dat dit die "eerste Christelike tydskrif vir vroue in Suid-Afrika" is (3).

Al drie hierdie pretensies is gewone onsin wat geen gebalanseerde mens eers lus sal voel om te beredeneer nie, en gee blyke van 'n geestelike verwaandheid wat alle perke van ordentlikheid oorskry. Dit is baie moeilik om in te sien hoe dit ontken kan word. Om alles wat voorheen bestaan het en nog bestaan en meen om diens te lewer vir die koninkryk van God eenvoudig van die tafel te vee, is gewoon nie Christelik-beskeie nie, al draai jy dit hoe.

## ADVERTENSIES

Dis 'n rare ervaring om die blad deur te blaai. Jy ervaar 'n emosie, maar jy weet nie mooi of dit verwant is aan lag of huil nie. Dit kan ook 'n mengsel wees.

Veral die advertensies wek dié teenstrydige gevoelens. "Buy your take-aways in a Christian atmosphere." Bo-aan pryk die Christelike ichthus-vissie, maar waarskynlik verkoop hulle nie net vis en chips nie. Die vissie is die handelsmerk wat self ook te koop aangebied word in goud silwer en keramiek. 'n Oningeligte kan dink dis 'n tydskrif vir hengelaars.

Of die advertensie van 'n kêrel wat vloerteëls lê en verkoop, en onder sy handelsnaam staan in 'n swart ster: "CHRIST IS THE ANSWER". Die telefoonnommer wat onmiddellik daarop volg, laat jou wonder wie gaan antwoord. Op die volgende bladsy nog twee advertensies. Die een warm enjins op maar sê vroom: THIS COMPANY IS DEDICATED TO THE LORD. Die tweede warm nie op nie, maar koel af met vries- en yskaste teen redelike terme — JESUS IS LORD!

As dit nie kommersialisering van godsdiens is nie, wat is?

**DIE FOKUS VAL IN HIERDIE UITGAWE OP SEKTARISME**

## STORIES

Behalwe 'n hele aantal modebladsye, baie ordentlik en duur, is daar ook minstens twee stories. Maar dis nie kortverhale nie. Dis 'n vorm van skryf wat geen kategorie in die skryfkunswêreld sal haal nie.

Die eerste is van Oswald Smith wat vertel van die goeie kêrel wat in 'n oomblik van woede tydens 'n kaartspel 'n man skiet (the man who held five aces! — was seker sy grafskrif) en ter dood veroordeel word. Op grond van sy wonderlike lewe vooraf, gee die goewerneur mee onder die petisies van sy vriende, trek hom soos 'n dominee aan en stap tronk toe om die man te begenadig. Maar die man skree hom weg omdat hy sat is vir kerklikes.

Die storieverteller sê nie hoekom die goewerneur hom so aangetrek het nie.

Toe vertel die bewaarder die veroordeelde wie die "predikant" was en wat hy wou doen, en die stomme moordenaar skryf 'n hartroerende brief om verskoning te vra. Maar die goewerneur skryf harteloos agterop die brief: "No longer interested in this case."

**MENSE WAT DIE KERK KWALIK NEEM OMDAT HY TEEN "ESTHER" WAARSKU, VERSTAAN NIE DIE ABC VAN HULLE EIE BELYDENIS NIE.**

En nou kom die moraal van die storie. Die man eet sy hart op en trek bosse hare uit sy kop van spyt, maar dis te laat. "Tell the young men of America that I am not dying for my crime. The governor pardoned me. I could have lived. Tell them that I am dying because I did not accept the governor's pardon." En onmiddellik daarna word die storie 'n prekie wat eindig met die woorde: "It is for you to decide. Your eternal destiny is at stake..."

Dis dus 'n soort gelykenis, wat mense vir Jesus wil wen, maar dis 'n tipies menslike gelykenis. Hy mis die troos en diepte van die evangelie. Hy's op angs en die mens se vrye wil gebaseer. Hy maak 'n heidense karikatuur van God – no longer interested in this case...

'n Tweede soortgelyke verhaalprekie se skrywer word nie vermeld nie.

'n Man maak 'n tou aan 'n boom vas en loop daarmee 'n grot in. Die tou raak op nes die man die diamante in die grot sien, en "enige weke" later kry 'n soekgeselskap hom dood lê met die diamante, maar sonder die tou wat hy nie weer kon kry nie.

"Die tou is die tou van die saligheid. Dit is binne ons bereik. Deur sy dood aan die kruis het die Here Jesus die saligheid moontlik gemaak." En 'n entjie verder: "Die tou word jou aangebied. Neem die Here Jesus aan as jou persoonlike saligmaker en vertrou jou siel aan Hom toe. Dan sal jy een van hulle word omtrent wie ons lees in Kol. 1:12,13 'En die Vader mag dank...wat ons verlos het uit die mag van die duisternis...' "

Dit is 'n klassieke voorbeeld van die dwaling van die Arminianisme – waarvoor "Esther" ruim voorsiening maak. Die verlossing op die kruis is 'n aanbod, 'n gebaar. Nou hang dit van ons af wat ons daarmee maak.

Die wonderlikste is dat die skrywer die Skrif aanhaal wat hom weerspreek – sonder om dit agter te kom. Dat die Vader ons met Christus verlos het. En mense wat in die kerk groot geword het en male sonder tal by die nagmaal gehoor het dat Jesus 'n volkome verlosser is, eet "Esther" vir soetkoek op en neem die Ring kwalik as hy waarsku. Mense wat behoort aan 'n kerk wat amptelike bely dat Jesus òf 'n Saligmaker is aan wie ons álles het, òf Hy is nie 'n Saligmaker nie. Geloof en toewyding lewer nie 'n bydrae tot ons saligheid en verlossing nie. Geloof glo dat God ons ten volle verlos het. Dit omhels die evangelie van die kruis.

## SWAGGART EN GENADE

Jimmy Swaggart, befaamde sanger en multimiljoenêr, skryf ook in sy blad. Hy is ook nie skaam


# SWART OP WIT

Enigiets sal vir publikasie in SOW oorweeg word – ook kortverhale, poësie, strokiesprente, humor ens. – mits dit religieuse diepte vertoon. SOW is 'n diensblad vir die gesin.

REDAKSIE

Manie Malan – redakteur Tel. (012) 821105

Elmer Erlank – mederedakteur Tel. 016152 – 16

ADRESSE

Bydraes: Die Redakteur, posbus 15185, LYNN EAST 0039
Tel. (012) 821105
Administrasie: Claritas, posbus 15621, LYNN EAST 0039
Tel. (012) 821153

OUTEURSKAP

Alle artikels waarby die outeur nie vermeld word nie, is van die redakteur – wat bydraes van harte verwelkom.

MEDEWERKERS

Gerhard Augustyn (Sibasa), Phil Brouwer (Sibasa), Christo Büchner (Dennilton), Johan en Elma Cilliers (Bloemfontein), Andries Combrink (Halfweghuis), Hannes Els (Nelspruit), Piet Grové (Pretoria), Nico Hanekom (Pretoria), Stephan Joubert (Benoni), Jan en Anna Kock (Waterbron), Petrus Kriel (Germiston), Dirk Laufs (Durban), Petrus Moolman (Nelspruit), Koos Mouton (Garsfontein), Fanie Schoeman (Vryheid), Kobus Smit (Bloemfontein), Nico Steenberg (Villieria), Christel Steyl (Helderkruin), Gert Strydom (Windhoek), George van der Merwe (Kameeldrif), Jannie van Rensburg (Oos Londen), Nico van Rensburg (Benoni), Sarel en Liesbet Venter (Bloemfontein), Wassie Wasserman (Wepener)

KOSTE

Intekengelde beloop R20 per keer en is vooruitbetaalbaar.

FREKWENSIE

SOW verskyn telkens as hy gereed is, maar nie meer dikwels as een keer per maand nie.

om sy eie foto in allerlei gestaltes van heerlikheid talle kere te publiseer nie.

Veral twee van Jimmy se bydraes vang die oog.

In 'n lang artikel oor die "Raad van Jerusalem" bespreek hy onder meer die Roomse kombinasie van geloof en werke, en verwerp dit sonder meer. "Wanneer ons probeer om 'n kombinasie van geloof en werke bymekaar te voeg — afgesien van die rigting wat hierdie werke mag neem (swak vertaling) — dan plaas ons steeds werke op 'n gelyke basis met die Here Jesus se offer!"

Dis uitstekend!

"Saligheid kom na ons harte alleenlik en totaal deur geloof in Jesus Christus." "Ons hoef NIKS hierby te voeg nie." Vir hierdie waarheid, sê Swaggart, het Martin Luther sy lewe gegee.

Maar Jimmy Swaggart het Luther nog nooit regtig verstaan nie. Luther draai in sy graf om oor Esther. As daar een ding is wat Luther male sonder tal, selfs in die sterkste taal, van die hand gewys het,is dit geloof in geloof. Hy het dit 'n hoerery met afgode genoem.

Dus: As Jimmy sê: Die oomblik as 'n persoon Jesus aanneem, is hy gered, val alles wat hy so mooi oor genade gesê het, deur die mat. Hy sê ons redding kan op enige plek en tyd gebeur. Nee, Jimmy, dit kan net op één plek gebeur: Golgota, 15 Nisan, 33 n.C.

Die merkwaardigste is dat die skrywer daarna daartoe oorgaan om die "morele kode" van die Jerusalemberaad — die konsessies teenoor Joodse Christene — tot tydloosheid te verhef. Die eet van afgodsoffers, bloed en van wat verwurg is. Hy eindig dus in 'n primitiewe moralisme. Nadat hy so goed begin het. Wonderlike teologie dié. Jy wonder waar hy daaraan kom.

Hy glo ook aan die duisendjarige vrederyk en die wegraping.

SWAGGART EN DIE KERKE

Wat sou Jimmy Swaggart se houding oor ander kerke wees? In sy artikel "What church should I attend?", is hy baie grootmoedig. Byna ongelooflik vir 'n man wat soveel sektariese simpatieë onder sy beskerming neem.

**DIE SEKTARIESE BLAD "ESTHER" BEVEEL BY SY LESERS AAN OM 'N DOMINEE WAT NIE IN HULLE SMAAK VAL NIE, WEG TE BID, OF SY KERK TE VERLAAT.**

Hy sê die plaaslike kerk is baie belangrik, en jy moet saamwerk met dié kerk en sy dominee. (Al behoort jy tot die wedergeborenes.) Want die dominee is die hoof van die kerk. Hy sê jy en jou geestelike maters moenie 'n kampanje op tou sit om 'n ongeestelike dominee uit die kussings te lig nie.

En dan kom die aap uit die mou: "Pray him out, and if he won't submit to God's leading, simply go somewhere else."

Net soos die genade, loop kerklike lojaliteit dus aan die einde van die artikel op die rotse.

DS. DANA

Nou is daar één aspek van "Esther" wat meer pynlik is as die res, en dit is die feit dat 'n NG-kollega, ds. Dana Minnaar, ook verskeie bydraes gelewer het. Sou hy onder 'n misverstand verkeer het? Ons het by hom navraag gedoen, maar dusver nog nie antwoord ontvang nie. ●

# SARIE MARAIS

Beeld (3.9.85) berig dat die vertellings van "mej. Reinette Venter" oor haar besoeke aan die hemel ná 'n kliniese dood, deur die polisie ondersoek word.

Mej. Venter was vroeër vanjaar in die nuus oor haar vertellings dat sy twee keer in die hemel was en "die Meester" ontmoet het. Sy het onder meer in die Engelse NG gemeente in Kaapstad opgetree en kassetbande met haar verhaal is deur die kerk verkoop (en word nou nog, selfs in Kameeldrif gespeel).

Mej. Venter is in der waarheid mej. Sa Sarie Marais van Natal. Sy is onlangs op aanklag van klerediefstal in hegtenis geneem en het vlugtig in die landdroshof op Newcastle verskyn.

Die polisie sê in die loop van hulle ondersoek is inligting oor "mej. Venter" se hemelse vertellings bekom, en die gepubliseerde artikels daaroor bestudeer.

Die kerkraad van die Cape Peninsula Reformed Congregation in Kaapstad, waar sy vroeër opgetree het, het besluit dat hy en die leraar, ds. Dana Minnaar, hulle van mej. Venter distansieer weens haar inhegtenisneming. Hulle distansieer hulle ook van haar korrespondensie, die kassetbande en van wat sy in hulle kerk gesê het.

Aldus Beeld.
Sou dit Bybels wees om jou van 'n gevangene te distansieer? ●

# KRUIS EN MUNT

'n Rubriek oor alles en wat

Manie Malan

## DS. WIEGANDIA

Ek het 'n baie mooi briefie ontvang van Jan Wiegand. Hy sê dankie, ook namens sy twee seuns, vir TOE HET GOD. Hy sê sal ek asseblief nóg sulke boeke skrywe, en hy gaan vir sy gryse vader van 86 ook een gee. Dié was predikant in Bloemfontein en distrik, en hy lees nog graag.

Toe het ek mooi dankie gesê vir sy dankie, en gesê hy moet tog vir sy ou vader vertel dat dit meer beteken as wat hulle dalk dink, want sy vader het die skrywer van die boekie gedoop in 1938.

Dis nie dat ek bygelowig is oor die doop nie. Ek dink nie ds. Wiegand kon beter doop as die ander nie, maar as jy aan 'n kindjie in die naam van God sy verbond swart op wit sertifiseer, en 47 jaar later skryf hy 'n verbondsboekie... wel, dan is dit tog seker iets?

Die woongebied buite Bloemfontein, Wiegandia, is na ds. Wiegand vernoem.

## WAARVOOR IS ONS DANKBAAR

Ons hoor dikwels hoe mense sê hulle is dankbaar. Hulle gee dankoffers, en as jy dankie sê, dan sê hulle nee, dis niks, want hulle het soveel om voor dankbaar te wees. Die Here was so goed vir hulle.

Maar as jy dan mooi luister, hoor jy hulle is dankbaar vir reën, en 'n huis en klere, en gesondheid. Vir voorspoed dus. Ek kan byna nie onthou dat ek al ooit iemand in dié trant oor iets anders hoor praat het nie.

Natuurlik gee God reën en vrugbare jare, maar Hy gee dit ook aan die onregverdiges. En aan die swaeltjies en wurmpies. Ons kan daarvoor dankie sê maar as dit al is waarvoor ons dankie sê, het ons die vernaamste vergeet. Dat God ons op Golgota gered het. Dat Hy ons sonde vergewe en ons die hel vrygeskeld het. Dat Hy sy Seun sonde gemaak, en aan die dood oorgegee het eerder as om ons ons verdiende loon te gee.

Dít is iets om voor dankie te sê, en dankoffers voor te gee. As ons dit verstaan, kan ons ook makliker dra aan onvrugbare jare en aan sanksies en depressie.

## GEESVERVULDE PREKE

Al te maklik word sektariese opwekkingspreke aangedien as Gees-vervuld. Oor die algemeen preek dié preke egter hel en verdoemenis tensy die hoorder hom regruk. Dis preke wat dreig.

Maar die Heilige Gees is die Trooster, wat vertel hoe Jesus sondaars en verlorenes liefgehad en jammer gekry en selfvoldanes gehaat het; hoe Hy nou nog vir die sondaars pleit, en hoe Hy weer sal kom om hulle met sy regterhand teen sy bors te druk. Die afleiding is dus eenvoudig: As die preek troos, is hy Geesvervuld, vól van die Heilige Gees; en as hy die kruis preek en die wederkoms.

Troos is nie sus en vlei nie. Dis nie sonde goedpraat nie, maar trane afvee. Die Heilige Gees dra altyd 'n sakdoek.

Kom Christus dan nie terug om te oordeel nie?

Ja, Hy oordeel. Maar as God in die skadu en die lig van die kruis oordeel, oordeel Hy dat ons onskuldig is omdat Hy Jesus sonde gemaak het in ons plek. Ons glo dit van harte.

Dis sonde om mense te vlei en hulle gerus te maak deur hulle wys te maak dat hulle veilig is omdat hulle van 'n voelbare wedergeboorte kan getuig wat húlle aangebring het met vrome toewyding. Dis gevaarlik. 'n Mens steun nie op ervaring nie, maar op openbaring. 'n Sondaar kan net op Christus steun, en gló dat Hy sal doen wat Hy beloof het: dat die Trooster ons weer gebore sal laat word. Ons belydenis sê dat dít ten volle en volmaak ons deel sal wees in die ewige heerlikheid saam met al die uitverkorenes.

Na bl.

# Te voet deur die Kategismus

# WAAR DIE SONDE VANDAAN KOM

## Veral vir tieners wat beter wil verstaan

Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?

Vra die sesde vraag van ons Kategismus.

Hy vra dit omdat hy op sy vorige vraag geantwoord het dat die mens nie vir die goeie kan lewe nie; dat die mens, inteendeel, geneigd is om God en sy naaste te haat. Hy is "van nature" so geneigd. Dis sy diepste intensie en impuls. Dis onwaar dat die mens se diepste bedoelings goed is. Sy natuur, sy geaardheid is baie baie sleg.

Daarom is dit die natuurlikste vraag denkbaar — om te vra of Gód die mens dan so gemaak het. Kom hy so van die fabriek af? Is hy 'n fabrieksfout?

Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?

**BYT ASSEBLIEF MET HIERDIE ARTIKEL VAS TOT IN DIE TWEEDE KOLOM! DIE PROBLEEM VAN DIE KERK IS OM DIE KERKTAAL OP DIE GROND TE KRY EN DAAR TE HOU.**

Nee!, sê die Kategismus. Alles behalwe. God het die mens goed geskape. Na sy "ewebeeld". In gewone Afrikaans: God het 'n mens gemaak wat op Hom lyk. 'n Mens wat op sy Vader trek.

Hoe lyk 'n mens wat na die voorbeeld van God gemaak is?

Die Kategismus sê: Dit beteken in ware geregtigheid en heiligheid. Hy sê dit letterlik agter die Bybel aan in Efes. 4:24, Ou Vertaling.

Maar wat beteken dít nou? Geregtigheid en heiligheid?

Dis baie moeilik om sulke woorde te omskrywe en te verklaar sonder om hulle af te water. As makliker woorde bruikbaar was, sou die Kategismus dit gebruik het. Maar as 'n mens iets wat moeilik is, wil verstaan, móét jy hom opbreek in eenvoudiger onderdele. Dan groei jou verstaan aan totdat jy die moeilike woord nie meer hoef te breek nie.

Geregtigheid beteken om reg te doen en te wees, en heiligheid beteken om glansend skoon te wees. Die woordeboek sê heiligheid beteken " afgesonderd", maar dit is nie 'n betekenis wat alleen op sy voete kan staan nie. Heilig is afgesonderd, apart van die vuil in die wêreld. Maar "heil" beteken ook "heel", so heiligheid is om nie meer vuil en stukkend nie, maar skoon en heel te wees.

Die Kategismus verklaar self ook die woorde geregtigheid en heiligheid. Hy sê dat hierdie geregtigheid en heiligheid van die oorspronklike mens só was dat hy God sy Skepper rég kon ken. Jy sien, daar is die woordjie "reg" weer. Hy kon reg doen en reg ken. Hy was nie verkeerd nie. Hy was skoon en reg. En, sê ons boekie, deel van hierdie skoon en reg wees, was ook dat hy God van harte kon liefhê, en daarom saam met Hom in 'n ewige saligheid kon lewe. En in hierdie saligheid sou hy God kon loof en prys. Hy sou God nie gevloek en gevrees het en bewend van Hom af weggevlug het nie.

Ek hoop die leser wat hieraan begin lees het, is nog by my. As ek hom in die eerste drie paragrawe verloor het, sal ek jammer wees, maar ek sal hom nie kwalik neem nie. Dít is die stryd van die kerk — om die kerktaal op die grond te kry en te hou.

Is die mens nou wangeskape?

Nee, hy is welgeskape, om 'n liewe kind en vriend van God te wees, vir wie dit die natuurlikste ding op die aarde sou wees om God, sy Vader, lief te hê.

* * *

Waar kom die verdorwe natuur van die mens dan vandaan? (vrg. 7) Hoe het dit dan gekom dat die mens se diepste motiewe en bedoelings sleg geword het?

Dit kom van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste voorouers, Adam en Eva, in die paradys, waar ons natuur, ons geaardheid so verdorwe (vrot) geword het dat ons almal in sonde ontvang en gebore word.

**IS DIE MENS DALK 'N FABRIEKSFOUT? DIE KATEGISMUS SÊ NEE, HY IS WELGESKAPE, MAAR...**

As jy dalk genetika swot, moet jy asseblief nou bie-

tjie daarvan vergeet. Die Bybel en ons kerk se oudste katkisasieboekie is nie hier besig om met 'n verouderde erflikheidsleer iets te probeer verklaar nie. Die Kategismus vertel bloot die verhaal oor wat die Bybel eerste vertel het.

Daar was twee stamouers van ál die mense op aarde. God het hulle met sy hande gemaak, wat beteken dat Hy met hulle spesiale moeite gemaak het. Hulle was die kroon, die trots van sy skepping, en één van die wonderlikste eienskappe wat hulle gehad het, was dat hulle vry was. Hulle was nie robotte nie, en ook nie instink-gebonde soos die diere nie. Hulle was vrye kinders van God. Hulle kon doen wat hulle wil. God het dit met hulle gewaag.

Toe gebruik hulle dié vryheid téén God. Saam met die Bose het hulle 'n staatsgreep probeer, en só hoogverraad teen die koninkryk van God gepleeg. Dit is die hoogste hoogverraad denkbaar.

Die Bybel klee hierdie verskriklike verhaal in in 'n vorm wat kinders en eenvoudige mense kan verstaan. Die Bybel sê hulle het 'n vrug geëet, op aanbeveling van die duiwel, 'n verbode vrug, en toe, skielik, het hulle ook van kwaad geweet. Vóór dit was hulle net vir die goeie, maar nou het die afgrond van die teendeel voor hulle gegaap, en hulle kon dit eenvoudig nie hanteer nie. Hulle was wel God se kinders, maar hulle was nie gode nie. Net God kan die kwade hanteer.

Nou hiérdie ongehoorsaamheid en val van die eerste voorouers van ál die mense, was 'n kosmiese katastrofe. Die ganse skepping is daardeur geruk - so erg dat ons van die oorspronklike skepping geen benul meer het nie. Ons weet net dat dit eens daar was, en dat dit goed was, en dit maak dit vir ons moontlik om te weet hoe verkeerd en abnormaal al die dinge rondom en in ons is. Sommige geleerdes wonder selfs of die verskynsel van entropie nie die gevolg van hiérdie katastrofe was nie; die geneigdheid van materie en selle om tot chaos te verval en te sterf.

Maar nou is daar één ding waarteen ek jou moet waarsku, en dit is dat jy sal dink ons is die slagoffers van Adam en Eva se roekelose fout. Dit is wel so dat ons in sonde ontvang en gebore word (het Dawid dit uitgesnik), maar ons bly mense. Vrye mense. Alleen maar: nou mense met kennis van wat sleg ook is. En die tragiek van die geskiedenis is dat die mens sonder uitsondering sy vrye wil gebruik om die kwade te kies. Hy verslaaf homself vrywillig aan die sonde. Hy is nie 'n onskuldige slagoffer nie.

En, wat meer is, sy sondigheid het toegeneem. Dit het gesneeubal.

Adam en Eva het bewend van God af weggevlug (sê die Nederlandse Geloofsbelydenis), maar toe die Israeliete deur God op 'n wonderbaarlike manier uit Egipte verlos is, het hulle 'n goue kalf gemaak en uitdagend om hom gedans en hom aanbid. En toe God uiteindelik self na die aarde toe kom om die mense te red, het hulle op Hom afgestorm, Hom in die gesig geslaan en gespuug, en Hom toe doodgemaak.

Dáárom, teen hierdie agtergrond, sal jy die agste vraag van die Kategismus maklik verstaan: Is ons so sleg dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie, en nét kwaad wil doen? Oordryf jy nie bietjie nie? Dis darem seker nie so erg nie?

**NET GOD KAN SONDE WERKLIK HANTEER.**

En dan antwoord hy sy didaktiese vraag met ja. Ja, die mens is so sleg. By vrg 13 sal hy nog byvoeg dat dit eintlik nog erger is — hy maak sy sondeskuld elke dag nog groter, soos ons uit die twee voorbeelde hierbo ook gesien het. Hy het nie maar sleg geword en so gebly nie. Hy sak elke dag nog dieper weg in die skuld.

Behalwe, sê die Kategegismus, behalwe as ons deur die Gees van God wéér gebore word. Behalwe as God ons óór-maak. Daarby sal ons later kom. Ek wil jou net solank nou al vra om tog mooi raak te sien dat dit Gód is wat ons weer sal moet oormaak. Ons kan daar op aarde niks aan doen behalwe om dit te glo nie. Dit beteken dat al die vreeslike sektariese opsweping om die mens tot oorgawe te dryf, vergeefse moeite is. Ons kan nié.

Maar nou begin ek die verhaal vooruitloop. ●

## SOLA SCRIPTURA

Meermale het ek al na roerende pleidooie geluister oor hoe 'n mens jou lewe moet inrig volgens die Bybel. Hoe 'n mens nét na die Bybel moet luister. Die geheim van die lewe is die Bybel, die Woord van God. Sola Scriptura. Baie gereformeerd.

Maar om te luister na die Bybel is iets anders as om iets met die Bybel te bewys. Apartheid, of integrasie, of burgerlike ongehoorsaamheid of anti-evolusionisme. Om "net na" (sola) die Bybel te luister, is om op die Bybel te vertrou; te vertrou omdat die Bybel God se woord is. Die Vader se betroubare woord, wat belowe, en sy belofte is waaragtig want God kan nie lieg nie.

Die Bybel is nie 'n prinsipepoel waaruit jy prinsipes haal nie. Die Bybel is evangelie, liefdeswoorde van die ewige lewe wat die hemel belowe en hierdie beloftes is waaragtig en betroubaar en daarom ook swart op wit in die Bybel neergeskrywe.

# DIE GESLAGSREGISTERS VAN JESUS VAN NASARET

Matt. 1:1-17; Luk. 3:23-38

**Bybelstudie**

Die twee geslagsregisters van Jesus in Matteus en Lukas, verteenwoordig een van die groot hoofpyne in die geleerde uitleg van die evangelies. Waarom verskil die twee weergawes so ingrypend? Sit hulle maar self 'n keer langs mekaar neer, en kyk.

Wat wel duidelik en betekenisvol is, is dat Matteus vir die Jode skryf en daarom by Abraham begin, terwyl Lukas vir ál die mense skryf en daarom teruggaan tot by Adam – almal se vader.

**DIT IS MOONTLIK OM 'N PREEK OOR DIE GESLAGSREGISTERS IN DIE EVANGELIES TE BEGIN MET 'N SKINDERSTORIE.**

Daar is in hoofsaak drie teorieë oor die verskille in die geslagsregisters:

* Dat Matteus die geslagsregister gee van Josef, die wettige vader van Jesus, terwyl Lukas Maria s'n gee, dus die werklike bloedlyn. Dan is Eli (Luk. 3: 23) eintlik Josef se skoonvader ens. Vraag is dan waarom Lukas nie uitdruklik so sê nie, en dit was ook nooit die gebruik om vroulike geslagsregisters te gee nie. Jesus s'n sal dan 'n uitsondering wees.

* Dat Eli kinderloos gesterf het, en dat Josef die seun was van Jakob uit 'n leviraatshuwelik. Matteus gee ons nou Josef se geslagsregister deur Jakob, Josef se instaan-vader, en Lukas deur Eli, Josef se wettige vader. Hierdie teorie is die suggestie van Africanus rondom 220 n.C.

* Dat Matteus die koninklike geslagsregister gee van diegene wat eintlik konings moes gewees het – as die koninkryk nie vernietig is nie – terwyl Lukas die werklike afstammelinge van Dawid tot by Josef gee.

Volgens die huidige kennis tot ons beskikking weet ons eenvoudig nie watter een van hierdie teorieë reg is en of daar dalk nog 'n beter verklaring na vore sal kom nie.

Intussen gooi ons nie die hande in die lug nie. Die Bybel is nie 'n logaritmeboek nie. As 'n mens 'n balansstaat opstel, en hy is een sent uit, soek jy ure na die fout, net so lank soos na 'n duisendrand fout. 'n Balansstaat moet nou eenmaal klop. Maar dít is die Bybel nie. Die Bybel is iets van 'n gerug uit die hemel, en ons het die hemelse gerug geglo. Dit het 'n Goddelike oorsprong, maar dit kom deur op 'n plaaslyn met so baie byklanke dat ons soms net die hoofsaak kan hoor. Dit is nie die Spreker se skuld nie, maar die draers daarvan.

Daarom is daar al 'n parallel getrek tussen die vleeswording en die Skrifwording van die Woord. Albei is Goddelike en gesaghebbend, maar albei is in diensknegsgestalte.

Ons moenie bang wees vir hierdie soort vergelyking nie, want dit is getrou aan die waarheid. 'n Opvatting wat van die Bybel 'n onfeilbare boek maak in die sin dat dit wiskundig perfek is, is 'n vreemde en naïewe dwaling. Die Bybel is onfeilbaar in die sin dat hy ons nooit in die steek laat nie; nie feil nie. Die man wat soos 'n dienskneg, 'n slaaf lyk, praat koninklike en Goddelike woorde. Die Woord wat in duisende menswoordjies fluister, en pleit, is God se magtige kruiswoord. "Hy was, soos hulle gemeen het, die Seun van Josef...Maar Hy was die Seun van God."

* * *

Maar ons moet kom by die inhoud van die geslagsregisters self. Wat vir my altyd treffend bly, veral by Matteus, is die openhartige eerlikheid waarmee hy die skandalige in die voorsate-geskiedenis van Jesus nie verbloem en verberg nie. Ek het eenkeer 'n preek oor die geslagsregisters in Die Kerkbode gepubliseer – dit was in die goeie ou dae – waarvan die inleiding die vorm van 'n stukkie Boerse humor en 'n skinderstorie aangeneem het. Nogal 'n opskudding gewees in Die Kerkbode...

"In die ou Nederlandse vertaling van Matt. 1 word vir die woord "verwek" die Hollandse woord "gewon" gebruik. Nou word daar vertel van 'n ou vader wat hier net na die Anglo-Boere-Oorlog die aand uit hierdie hoofstuk gelees het. "Abraham gewon Izaäk, Izaäk gewon Jakob, en Jakob gewon Judas en zijne broeders, en Judas gewon Fares en Zara by Thamar en Fares gewon Esrom... En David den koning gewon Sálomon bij degene die Urias vrouw was geweest." Ensovoorts.

"En toe hy al 42 geslagte wat mekaar "gewon" het, klaar gelees het, toe loer hy so oor sy bril, die oudstryder, en hy sê: "So baie gewondes. Gelukkig nie een dood nie."

"Dit is baie interessant om te sien wie van Jesus familie was. Die Jode was hoeka geinteresseerd en snedig oor Jesus se afkoms. Die timmerman se seun. Die man uit Galilea, terwyl die Christus volgens die Skrifte uit Betlehem moet kom. "Ons is nie uit ontug gebore nie", sê hulle in Joh. 8:4 — met die sinspeling: soos jý nie. En in Joh. 8:48 sê hulle Hy is 'n baster, en van die duiwel besete.

"Vir al hierdie mense, en vir ons, vertel Matteus en Lukas waar Jesus van Nasaret vandaan kom.

"Maar as hulle en ons gedink het dat Matteus 'n helderegister sou opstel, maak ons 'n fout. Trouens, 'n mens sou aande kon omskinder oor baie van hierdie familie.

**WAAROM STAAN DIé GRUWELIKE GOED ALLES IN DIE BYBEL?**

"Die een was 'n skaamtelose leuenaar (ek noem maar liewer nie name nie!) wat twee keer om sy vel te red vir die koning van Egipte gesê het sy vrou is sy suster.

"En sy seun het presies dieselfde gedoen.

"En dié se seun was 'n opperste bedrieër en manipuleerder. Selfs sy naam het dit beteken tot God dit verander het.

"En sý derde oudste seun — na die Jode tot vandag toe heet — het 'n skande oorgekom wat vir weke die Sondagkoerante sou gehaal het as dit vandag gebeur het. Sy skoondogter het haar vermom soos 'n slegte vrou. En toe het sy hom verlei, en toe sy in die moeilikheid kom, en hy haar vir ontug wou verbrand, toe bewys sy dat hý die vader van haar ongebore tweeling is.

"En 'n ent verder is daar weer ene wie se moeder 'n straatvrou was; dié een wat haar vuil lewe gered het deur die Israelitiese verspieders weg te steek.

"En 'n volgende een se vrou het, toe sy nog as diensmeisie by hom in die lande gewerk het, gewag tot hy sy roes afslaap en toe by hom onder die kombers gaan inkruip. Sy was 'n meisie uit die heidendom.

"En haar agterkleinkind het 'n koning geword wat owerspel gepleeg het met een van sy helde se vrou en toe die soldaat vermoor het. En op sy oudag het hy 'n jong meisietjie gekry om bietjie by hom te lê.

"Geen wonder nie dat sý seun 700 vrouens en 300 byvroue gehad het. Van hom word skertsend gesê dat hy baie dae geweet het wat om te doen, maar nie waar om te begin nie.

"En só sou ons kon aangaan.

"Billikheidshalwe moet ek bysê dat baie min van hierdie mense gespog het met hulle reputasies. Een van hulle het êrens geskryf: "Ek ken my oortredings en my sonde is altyddeur voor my. Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë... Verberg u aangesig tog vir my sondes... Neem u Heilige Gees nie van my weg nie... Die offers van God is 'n gebroke gees en 'n verslae hart..."

"Maar waarom tog staan al hierdie gruwelike dinge in die Bybel?

"Daar is mense wat so vroom probeer wees dat as húlle die Bybel kon skrywe, hulle dit definitief sou weggelaat het.

"Dit staan so nakend opgeskrywe omdat Jesus vir dáárdie sondaars na die aarde toe gekom het. Hoewel Hy uit die hemel gekom het, het Hy van daardie mense familie geword, want Hy het in alle opsigte 'n mens geword.

"Dît is die boodskap van Kersfees.

"Mense met boosheid in hulle harte en sondes in hulle verledes — leuenaars, bedrieërs, drinkers, owerspelers, moordenaars — is familie van Jesus. Deur Hom word hulle kinders van dieselfde Vader.

**BESEF JY DAT JESUS JOU BROER IS? JY KAN DIT MAAR GLO. DIS WAAR.**

"Kersfees sê: Jesus is familie van sy voorgeslag.

"Maar Kersfees en die Bybel sê ook méér. Dit sê : Jesus is ook familie van sy nageslag. Is jý 'n bedrieër? Of 'n owerspeler...?" ●

**INTEKENGELDE**

MET DIE VIERDE UITGAWE UIT EN 'N INTEKENTAL WAT STEEDS GROEI, MOES ONS ADMINISTRATIEWE AANPASSINGS MAAK OM TE KAN BYBLY. IN PLAAS VAN 'N REKENING NA ELKE UITGAWE, VRA ONS NOU R20 INTEKENGELD (KONTANT OF PER KREDIETKAART) EN STUUR EERS 'N REKENING AS DIT OPGEBRUIK IS.
ONS VERMOED DAT ONS LESERS DIT OOK SAL VERWELKOM.

# 'N OPWEKKINGSPREEK WAT VOORGEE OM GEREFORMEERD TE WEES

Dit was altyd ons ideaal om ook preke in Swart op Wit te ontleed. In hierdie uitgawe maak ons 'n begin met 'n heel merkwaardige preek wat byna in geheel hieronder weergegee word. Dit is 'n preek in 'n bekende herlewingsentrum naby Pretoria wat ondersteuners vanoor die hele land trek. Dié ondersteuners is vir sowat 90 persent lidmate van die NG Kerk, en die eienaar van die sentrum, self 'n NG-lidmaat, sê dat hy die belydenis van die NG Kerk heelhartig onderskryf. Die betrokke preek is deur die genoemde eienaar gelewer tydens 'n paaskonferensie.

Hoewel 'n mens nie 'n rigting aan sy swakste eksponente moet oordeel nie, is dit tog soms goed om te sien wat van 'n denkrigting word as onversigtige hande dit begin hanteer.

Die relaas dra die titel:

INGANG IN DIE HEILIGDOM

en die Skriflesings is die volgende: Heb. 9 en 10; gedeeltes uit Eks. 25 en 26; 2 Kor. 6:16; en Mark. 14:58.

Die woord "heiligdom" of "hagion" kom elf maal in die Nuwe Testament voor en al elf keer in Hebreërs, en seker 'n tagtig keer in die Ou Testament. Daarom wil ons ook die Ou Testament en in besonder dan die tabernakel hieraan koppel, as ons praat oor "ingang in die heiligdom"...

Heb. 10:19: "Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees, en ons 'n groot priester oor die huis van God het, laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water."

**SWART OP WIT MAAK HIERMEE 'N BEGIN OM PREKE TE ONTLEED. STUUR GERUS AAN – OOK GOEIE PREKE.**

Ingang in die heiligdom.

1

Dit is nie 'n nuwe onderwerp of 'n nuwe begrip waaroor ons wil praat nie, maar miskien, deur hierdie deurblaai deur die Bybel, en die bymekaar sit – as die Here God praat oor heiligdom; vir ons iets oopbreek oor heiligmaking, oor 'n volheidslewe, oor toe-eiening van dit wat die Here in sy hart begeer ek sal hê en lewe; deur die weg wat die Here Jesus vir my oopgemaak het en in die krag van die Heilige Gees as Persoon wat ten volle van my wil besit neem dat ek in die heiligdom kan lewe en dat ek 'n lewe kan smaak in heiligheid.

**VRA USELF BY DIE LEES HIERVAN AF OF DIT 'N PREEK IS VOL VAN DIE BELOOFDE TROOSTER. OF IS DIT GEGIET IN DIE VORM VAN 'N VROME DREIGEMENT EN 'N VERWYT?**

2

U weet daar word vandag baie gepraat en geskryf en geredeneer en gepreek en baie ervaar rondom heiligmaking. En rondom 'n volheislewe en rondom Geesvervulling – dat die Heilige Gees van God as persoon my liggaam, siel en gees besit en beheer en gebruik. Daar word baie daaroor gepraat en baie mense het verskillende opinies en verskillende verduidelikings en verskillende terme en terminologiëe, en baie het verskillende ervarings. Maar as ons dit alles saamvat, helaas, en ons bring dit by die heiligdom, ingang in die heiligdom, dan sê dit alles – want dit is eintlik 'n herlewingslewe waarvan ons praat – dan sê dit vir my as kind van God net één ding: herlewing of volheidslewe of 'n lewe van oorgawe of wat u dit ook al wil noem, is net één ding: Dit is God, God self in ons midde. Dis net God self, want God kan alleen teenwoordig wees in sy allerheiligste volheid. Hy kan in geen ander manier teenwoordig wees as Drie-enige Vader, Seun en Heilige Gees in sy volle heiligheid nie. In sy volle krag. In sy volle teenwoordigheid. En as God in my midde is, dan het ek 'n herlewing en daar is herlewing in my hart en in my lewe. Gód in ons midde. Dit was die ervaring ook van hulle in die Ou Testament. Daarom sê die Here: "Maak vir My 'n tabernakel, maak vir My 'n heiligdom; dat Ek in julle midde kan wees en Ek vir julle 'n God kan wees en julle vir My 'n volk kan wees."

**OP GROND WAARVAN SOU DIE PREDIKER MEEN DAT SY ERNS BETER IS AS DIE ERNS VAN DIé VAN WIE HY SO SMALEND PRAAT?**

3

En wat is die doel daarvan as dit so eenvoudig is? Net een: Dat ek ingeskakel word in realiteit, in die program van God, dat ek diensbaar en bruikbaar en vrugbaar word, nie ter wille van my nie, maar om God se plan en God se doel te verwesenlik en God verheerlik word. Dis die hele doel. Dis die beginsel daarvan en dis waarom ek moet jaag na die heiligmaking. "Jaag na die vrede", sê Hebr. 12:14. Jaag na die vrede met alle mense en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie. En daar is baie ander gedeeltes oor Heiligmaking. Maar die ganse doel daarvan is nie dat ek iets moet kry nie. As ek na kinders van die Here kyk, en kinders van die Here se getuienisse hoor oor Geesvervulling en heiligmaking dan lyk dit asof dit iets is wat hulle net gesoek het om iets te kry. Asof hy wil sê: Ek het nou nog 'n ekstra kaartjie om doodseker te maak ek het nou alles, en hier sit ek nou. Ek is nou skatryk, en ek is nou heilig en nou het ek iets bereik wat baie ander nog nie bereik het nie, en nou is ek darem seker ek het die Here se beste. En dis nog steeds die eie ék waarom dit gaan. Ek sien geen sulke heiligmaking in die Woord van God nie. Want die heiligmaking, die heiligdom, bring vir my in die teenwoordigheid van die heilige God. Wat my vermurwe dat ek niks word nie. En as ek iets is, dan is ek ter wille van Christus Jesus en tot sy verheerliking en tot sy eer en tot sy grootmaking en in sy krag. Met die die vrymoedigheid van die Gees van God.

## 4

Is dit u lewe? Wat 'n paradoks as ek na kinders van God se lewens kyk, en, helaas, op baie tye, as ek na my eie lewe gekyk het, en ek sê: Here! Hopeloos! Bring vir my in die teenwoordigheid van God. Bring vir my in die heiligdom dat ek kan lewe. Ek sal ophou soek na ervarinkies in hierdie doop en in daardie ervaring en daardie vervulling en ek weet nie wat nie, en hierdie plek, en dan daardie kerk, en die volgende kerk, en die volgende genootskap. En ek probeer orals en ek probeer alles! En nooit kom ek daar dat die Gees van God my vul tot die volheid Gods, en ek bruikbaar word en diensbaar nie. En God verheerlik in elke asemhaling en elke beweging, in elke beplanning, in elke gedagte van gans my lewe.

## 5

Baie mense praat oor heiligmaking, en baie mense praat oor Geesvervulling, en baie mense praat oor baie ondervindinkies en baie traantjies en baie emosionele ervaringe en wat dit alles mag wees, en julle is ver van die teenwoordigheid van die heilige God. In hulle midde. Want dis net my ervarings en my dinge en my gevoelens en my emosies en al my wedervaringe en die groot eie ek sit op die troon, die vlees wat vyandskap is teen die Gees.

**IS DIT DIE BEDOELING VAN DIE SKRIF DAT ONS MOET MAAK NET SOOS DIE BYBELFIGURE? OF MOET ONS SOOS HULLE GLO – SELFS IN DIE HAGLIKSTE OMSTANDIGHEDE?**

## 6

Die tabernakel om God in ons midde te bring. As ek kyk na die tabernakel van daardie tyd, dan sê die Here dit sal 'n tent wees of 'n tentwoning, want dis wat tabernakel beteken, en die belangrikste is die tent van samekoms. In die opset van die tabernakel. Die tent van samekoms of dan die heiligdom. Wat in twee kamers verdeel is volgens mate 45 x 15 vt, en in twee kamers op spesifieke opdrag van God. Die heilige en die voorhangsel en die allerheiligste. U moet mooi luister. En dit is die heiligdom wat God vir sy volk het. Dat God in hulle middek kan wees. En dis al wat hulle nodig het. Dit is Geesvervulling! Dit is herlewing! Dit is alles wat God wil hê. En dan, een maal 'n jaar, kan net Aäron, die hoëpriester, op die groot versoendag, wat Lev. 16 van praat, ingaan in die allerheiligste. Met 'n wit linnerok. Sy hoëpriesterlike gewaad is af. Rein en wit met 'n wit linnerok en die geur van reukwerk. Met 'n bakkie bloed. Een maal 'n jaar in die allerheiligste om te offer, om versoening vir homself en sy volk te verkry. Een maal 'n jaar.

## 7

En dan het ons gelees in Heb. 9: Maar Christus, Christus het opgetree as Hoëpriester van die toekomstige. Aäron slegs 'n beeld van die Hoëpriester wat Hebreërs van praat. Jesus Christus wat nie met 'n bakkie bloed of stiere of bokke se bloed – want daar moet bloed wees waar versoening of vergifnis moet kom – maar met sy eie bloed, ingegaan het in die Heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring. En toe Christus Jesus sterf op Golgota toe skeur die voorhangsel in twee, en die allerheiligste, die heiligdom van God is oop. Dat ook ek en u kan ingaan in die heiligdom. Vir ewig geopen, en dit is Christen-wees. Dit is waarvoor Jesus gesterwe het en sy bloed gepleng het dat ek kan ingaan in die heiligdom en in die volle onmiddellike teenwoordigheid van God kan wees. Ek het niks nodig nie, want Jesus het die weg geopen. Ek het ook nie 'n tabernakel nodig nie, want Hy sê self hier: Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak nie. Nee, Hyself is die tabernakel. Hyself is die tempel. Hy sê: nie 'n tempel met hande gemaak nie. Hy sê hierdie tempel sal afgebreek en in drie dae opgebou word. Hy praat van sy eie liggaam, Homself, dis die tabernakel. Christus Jesus sel self. Opstaan uit die graf in sy opstandingskrag en lewe. 'n Lewendige, ewige Tabernakel, 'n heiligdom. Maar meer aangrypend: Hierdie tempel is ook hierdie liggaam van my. En van u. Die hele liggaam is 'n tempel van die Heilige Gees van God, sê die Woord. Ek dink nie u vang dit nie. Ek dink nie ons sal ooit kan verstaan wat in die hart van God lewe as Hy sê dat soos my Seun se vlees geskeur is, sy liggaam gebreek is as 'n simbool van die voorhangsel wat geskeur het en wat gebreek is – vir ewig geopen, die allerheiligste. Want Hy sê: Hierdie liggaam deur God geskape, hierdie menswees is 'n tempel van die Heilige Gees van God. Dit word 'n heiligdom vir God. 'n Heiligdom vir 'n heilige God. En as ek ingaan, daarom, met vrye toegang, met vrye vrymoedigheid, want die voorhangsel het geskeur, en as ek ingaan in die heiligdom, gereinig, luister mooi, gereinig, deur die bloed van Jesus. Nie sonder bloed nie. Nie sonder reiniging nie. Nie sonder wit klere nie. Onder sy bloed, deur sy bloed gereinig, ook my gewete gereinig, sê die Woord hier van 'n slegte gewete en my liggaam gewas met rein water, as ek so gereinig deur die bloed van Jesus ingaan in die heiligdom, dan ervaar ek en dan alleen: God in my midde. Die volle heiligheid, die volle onmiddellike teenwoordigheid van God, in my, om my, rondom my, verseël, oorweldig. Dít is herlewing. Dit is in die heiligdom, en net met een doel dat ek 'n opdrag Gods ontvang. Ek leef nie meer nie, maar Christus lewe! En ek verheerlik Hom.

## 8

Dis snaaks dat baie kinders van die Here soveel ervarings het en van soveel dinge getuig omtrent heiligmaking en Geesvervulling en bitter min van die reinigende werking van die bloed van Christus ervaar. Bitter min ervaar wat 'n sonde-oortuiging is en 'n sondevergiffenis en 'n sonde-reiniging beteken. Bitter min. Maar baie praat en wil vir die Here werk en allerhande dinge vir die Here doen en beplan en tekere gaan, en daar kom niks van nie! Omdat ek praat asof ek in die heiligdom is. Maar niks ervaar het van die reinigende bloed van Christus en van die wit kleed en van die volle, onmiddellike, heilige teenwoordigheid van God in my nie.

## 9

Maar weet u wat gebeur dan in praktyk? In praktyk word my slaapkamer 'n heiligdom, word my ontspanningskamer 'n heiligdom, word my klerekas deel van die heiligdom. Waar ek beweeg, waar ek gaan, my woorde, my dade, my gedagtes, my gedagte-lewe is deel van die heiligdom. God teenwoordig in sy volheid. In my huis, in my werksplek, in my beplanning, in my beursie, in my bankbalans! Wat u wil noem, hoe eenvoudig, hoe klein, maar geheel en al my lewe in die heiligdom, is God teenwoordig in sy volheid. En God in beheer van sy volheid. En ek is dood. Ons het baie teorieë oor heiligmaking en baie ervaringe, soos ek gesê het, maar as dit by praktyk kom, as ek kyk hoe lyk kinders van God, hoe praat hulle, hoe trek hulle aan, watter dinge hulle deel, watter plekke hulle besoek, hoe hulle deel van die wêreld is, dan sien ek nie die heiligheid van God nie. En ek weet nie watter heiligdom hulle mee speel nie. En dan kom kinders van God en hulle stry: Is dit sonde? Is dat sonde? Is dans sonde? Is rook sonde? Is drank sonde? Is bioskoop sonde? Is die televisie sonde? Is langbroeke sonde, en lang hare – ons noem al hierdie gemors en ons staan daaroor en redeneer. Kan ons nie klaarkry met die wêreld en sê: Here, u volle teenwoordigheid. Dek my onder u kosbare bloed en reinig my dat ek waaragtig rein sal wees. In die heiligdom sal ingaan.

**SPREEK DIT VAN LOJALITEIT AAN DIE PLAASLIKE KERK EN GEMEENTE AS GEMEENTELIKE FONDSINSAMELING EN GEBOUE AFGEMAAK WORD AS TYDVERKWISTING? WAT VAN DIE OFFERS VAN DIE HERLEWINGSENTRUM?**

## 10

Ek dink dis die rede waarom daar bitter min kinders van God is wat waaragtig deur God gebruik word. Dat die Gees van God deur hom praat en deur jou werk en mense vermurwe aan die voet van die kruis; Christus sien en gered word en verlos word en vrymaking ondervind. Ons doen persoonlike werk op so 'n oppervlakkige wyse. Ons doen baie gebedjies, daar word duisende gebede vandag elke dag in S.A. gebid. Duisende oorgawe-gebedjies, almal neem die Here Jesus aan, almal kom tot bekering, almal maak 'n volle oorgawe, almal sê: Heilige Gees vervul my, en daar gebeur niks in Suid-Afrika nie. Want ons speel godsdiens. Ons speel gebedjies-bid. Ons speel heiligheid. Maar die ware teenwoordigheid van die heilige God het ons niks van nie. Here, wees in ons midde, dat ons God sal ervaar en klaarkry met godsdiens-speel. Wat 'n genade dat God sy deurboorde hand vanaand nog na Suid-Afrika uitsteek terwyl ons lankal van die kaart moes weggevee gewees het. Met al ons vuilheid en losbandigheid en wêreldgesindheid, ook in kinders van God se lewens. En dan praat ons van herlewing.

## 11

Gaan in in die heiligdom. Ja, die tabernakel, die allerheiligste is 'n plek van ontmoeting met die lewende God. Dis 'n plek van openbaring van die heiligheid van God. Dis 'n plek van reingiging en van

versoening van sonde. Dis 'n plek van vernedering, van stroping, 'n plek van sterwe en klaarkry. Maar, dank God, dis 'n plek van toerusting, dis 'n plek van toerusting en krag. Die krag van die Heilige Gees van God. Dis 'n plek, as ek toegerus en bekragtig is, dis 'n plek van roeping tot diensbaarheid en bruikbaarheid en vrugbaarheid. Dis die heiligdom in praktyk. Dit is waarvoor Jesus gesterwe het. Dit is die plek wat ek moet ingaan en dis die lewe wat ek moet ervaar. Niks minder nie. Met 'n waaragtige hart, volle geloofsversekerdheid. Hy praat van kinders van God. Ek kan nie in die heiligdom ingaan as ek nie waarlik wederbaar is deur die Gees van God nie As ek nie waarlik tot bekering gekom het nie. As u luister na hierdie boodskap en u is ongered, dan kan ek net pleit dat die Gees van God dit self vir u sal duidelik maak, maar ek dink nie u sal dit verstaan, u kan dit nooit verstaan as u nie by die kruis van Golgota gekom het en die bloed u nie verlos het en u nie Jesus aangeneem het as u eie Verlosser en u nie wederbaar is deur die Gees van God nie. Kind van God. Volle geloofsversekerdheid. En meer as dit – 'n waaragtige hart, eerlik voor God. En, u weet, dit klink so onbelangrik, maar ek dink dis seker die grootste struikelblok wat mense uit die hemel sal hou en mense van 'n volheidslewe weghou en buite die wil van God laat lewe, kinders van God, dis hierdie waaragtige hart om te kom en te sê: Here, ek bedoel dit met my lewe, net soos ek is. Dat die bloed van Christus my kan reinig, en ek wil dit in praktyk ervaar.

Ons wil graag enkele praktiese voorbeelde uit die Woord neem:

**DINK U OF U DOMINEE DALK OOK DAT PS. 24 'N EKSAMENVRAESTEL IS?**

## 12

Kan ek u na Moses toe neem. (Here, as ons van die heiligdom praat, kom griffel dit as 't ware op ons lewe in praktyk uit dat ons iets sal kan begryp en net iets sal kan ervaar van God in ons midde. Van hierdie plek van ontmoeting, van openbaring, as 't ware bekendstelling. Hierdie plek van oortuiging, van sondeoortuiging, van sonde-reiniging, van krag-voorsiening, instaatstelling, toerusting, vervulling en van bruikbaarheid. Iets verstaan in praktyk van die roeping van Moses.)
U kan net luister na Eks. 3: En Moses het die kleinvee opgepas van sy skoonvader Jetro en toe hy dit agter die woestyn gedryf het, kom hy by die berg van God. Daarop verskyn die engel van die Here aan hom in 'n vuurvlam in 'n doringbos. Toe die Here sien dat hy nuuskierig naderkom, roep God na hom uit die doringbos en sê: Moses! Moses! en hy antwoord: Hier is ek. En hy sê: Moenie naderkom nie, trek jou skoene van jou voete af want die plek waar jy staan, is heilige grond... Verder sê Hy: Ek is die God van jou vader, en: Ek is wat Ek is.

## 13

Moses, in praktyk, amper afgetree op sy oudag, en daar, terwyl Moses stil raak, verskyn die engel van die Here; kom God in hierdie brandende doringbos, en Hy verskyn voor Moses. En dit word vir Moses die plek van ontmoeting. As 't ware vir die eerste maal in sy lewe ontmoet Moses vir God waaragtig. En hierdie plek van ontmoeting word vir hom 'n openbaring as hy hierdie doringbos sien brand, en hy brand nie uit nie, dan besef hy maar ek het te doen met 'n lewende God wat my wil louter, wat my as 't ware skoonmaak en louter, en reinig. Dat ek skoon, witter as sneeu sal wees. En as hy naderkom, omdat hy stil geraak het, u weet ek dink ons kan so baie hieruit leer, maar ek dink waarom bitter min kinders van God op daardie plek kom, want dis nie meer 'n samekoms, 'n tent van samekoms nie, dis nie meer goue pilare en silwer voetstukke wat praat van die hemel en verlossing en versoening waar ons ingaan nie, nee, dis waar Jesus Christus, waar ek daar kom neerkniel, al is dit in die veld, en u sal dit sien in die ander voorbeelde. Al is dit in die veld of soos 'n Gideon op die dorsvloer, as hy op die dorsvloer is, besig met sy alledaagse werk, dan kom God in sy volle teenwoordigheid voor hom staan en Hy noem hom by die naam en Hy praat met hom en hy weet Here, is dit, dit is ek met wie U praat, dis vir my wat U roep en ek weet dit. Met my ganse lewe. Het u al só die stem van God gehoor? Moses! Moses! U sien, hy hoor die stem van die lewende God toe hy eenkant is. Ons is so besig as kinders vanGod met al ons teorieë en al ons mooi gebedjies en ons mooi samesang en al ons sogenaamde heiligmaking. So besig met baie dinge in hierdie wêreld dat ons nie by die berg van God, dat ons nie stil kan word in die heiligdom dat God met ons kan praat nie. Want as die televisie nie aan is nie, dan is die radio aan, maar iets sal my besig hou en weghou dat ek stil voor God kan word vir ure en ure dat God met my kan praat. Daarom ervaar bitter min mense ingang in die heiligdom. Maar dis 'n plek van openbaring en God openbaar Hom as 'n rein God, 'n vuur. "God", sê Hebreërs, "is 'n verterende vuur." Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God. Vreeslik! Het u al die verterende vuur ervaar in u lewe? Dat die stem van God reg deur u dring in u hart en in u wese in, u by die naam noem en u bewus word van net een ding: Ek is 'n sondaar! Ek is verlore! Ek het God nodig! En ek sien my sondes, en ek is bewus daarvan want die Heilige Gees van God oortuig vir my in my hart. Daarom as ek nader kom soos Moses, dan kom die stem "trek jou skoene van jou voete af want die plek waar jy op staan, is heilige grond". Jy sal jouself moet verneder Moses. Jy sal moet niks word, jy sal moet gestroop word, jy sal nakend voor God moet staan, anders sal jy nooit deur die Gees van God gegryp of gebruik of vervul kan word nie.

En dan kom die bloedwerking en word dit 'n werklikheid in sy lewe as die vuurvlam vir hom moet reinig van homself en sy eie ek. O, hoeveel kinders van God kom uit en sê hierdie humeur van my, ek's so opstandig, my humeur, en my sensitiwiteit, en my oorgevoeligheid en my kortgebondenheid, ek is so liggeraak, ek word so maklik kwaad. Al hierdie ou irriterende dingetjies in kinders van God se lewens. Nee, nie irriterende dingetjies nie, sóndes, in kinders van God se lewens. Maar ons klou daaraan en ons volhard daarin, en ons kom nie daar dat ons sê: Here, hierdie eie ek, my behoeftes, hierdie ou selfbejammering, hierdie ou groot self van my, selfbejammering, dis 'n groot kuns wat die duiwel kinders van God aanleer vandag. Selfbejammering! En ek kom weg en ek het baie verskonings en ek het so slim en so volwasse geraak ook in my heiligmaking dat ek nie God se heiligheid nodig het nie. Moses! Gestroop. Gelouter. Gereinig deur die bloed van di Lam. Reiniging is nie net verlossing nie. Dis nie net Jesus aanneem as my eie Verlosser en dis klaar nie. Al die mense in S.A. het omtrent Jesus aangeneem as hulle Verlosser, en kyk hoe lyk hulle. Kyk hoe lyk S.A. Hulle het almal die Here Jesus aangeneem. Maar die bloed moet reinig. Ek moet daar kom dat ek besef: Here, ek is in sonde ontvang en gebore in hierdie erfsmet. Ek moet geheilig en gereinig word, ek moet gewas word, ek moet verlos word daarvan en nie maar elke dag al die ou sondetjies bely en môre is dit twintig, en oormôre is dit dertig, en dan's dit weer tien en dan's dit weer vyftien en dan's dit weer my humeur en dan's dit my opstandigheid, en dan's dit my vleeslikheid en dan's dit my vuil gedagtes en begeertes en dan is dit hierdie en dan is dit daardie en ek sukkel met sondetjies vir die res van my lewe en nooit kom ek in die heiligdom van God in nie! Ek moet kláárkry met die wêreld en kláárkry met sondes en sondetjies en sê: Here, onder u kosbare bloed, kom en neem hierdie wortel van die kwaad, wis dit uit, reinig dit by die bloed van Jesus dat ek witter as sneeu rein kan wees en trek vir my die wit kleed aan dat ek kan ingaan onder u kosbare bloedbedekking in die heiligdom in. In 'n nuwe lewe, in 'n nuwe weg, 'n weg van heiligmaking. 'n Nuwe en lewende weg. En ek wil nie probeer nie, ek lewe dit net, want nou is dit God in sy heilige teenwoordigheid. Binne in die heiligdom! Binne in my hart! Binne in my lewe. Binne in my ganse menswees.

## 14

Moses! En as hy gereinig is, ek wil vir u vra, is ú gereinig deur die bloed van die Lam? Of staan u buite die heiligdom Gods? En dan kom die doel van dit alles, ook in Moses se lewe, dit word 'n plek net van reiniging maar die Here gee vir hom die krag. Hy sê: Ek sal met jou wees, Ek sal jou stuur, Ek sal praat, Ek sal hulle laat trek! Kom die beloftes van die Heilige Gees van God wat hom as 't ware vooruit sal trek. Ek is wat Ek is; Ek doen dit! Dan kom die doel. Wat is die doel? Hy't 'n opdrag ontvang en hy gaan 'n taak verrig. Hy moet diensbaar en vrugbaar word. Dis die enigste doel: Sodat God se volk verlos kan word.

Hoeveel siele het u na die Here Jesus toe gelei hierdie jaar? Want u het 'n roeping! U is 'n kind van God! Bitter min kinders van God het 'n opdrag spesifiek 'n opdrag van God ontvang! 'n Roeping Gods! 'n Taak van de hemel! En dit het niks met hierdie aardse tentwoning te doen nie. Ek het 'n taak wat die lewende God aan my opgedra het en in sy krag volvoer ek dit. En ek het 'n roeping en ek is diensbaar en ek is bruikbaar en ek is vrugbaar. Nie om basaars te hou en koeke te bak nie, nee, maar om siele na die kruis van Jesus toe te lei dat die koninkryk van God uitgebrei kan word. Nie die gemeente-aktiwiteite en gemeente-geboue nie. Waar is die kind van God? Maar ons probeer vir die Here werk en ons sweet en ons bid en ons pleit en ons sê: Here, hier is ek en ons offer en ons maak oorgawes oor en oor en oor maak kinders van die Here oorgawes van konferensie na konferensie en hulle ween voor God en hulle bid en hulle pleit en nooit kom die krag van die Heilige Gees tot openbaring in hulle lewe nie! Hoekom!!? Hulle is vas aan die vlees, hulle is vas aan die wêreld, hulle is vas aan hulle self. Die bloed van Christus moet hulle reinig! En die Gees van God moet hulle vul en hulle moet

ingaan in die heiligdom. In God se volle teenwoordigheid. In sy volle krag. In sy volle voorsiening. En dan het hulle 'n opdrag Gods. Jy hoef hulle nie te vra nie, hulle hele lewe is Christus! En hulle het net een passie en dis die passie vir siele. Vir siele! Want hulle lewe in die heiligdom.

Hoe lewe kinders van God vandag in hulle huise? Hoe lyk hulle huwelike? Hoe lyk hulle kinderopvoeding? Is dit die standaard van die Woord van God? Hoeveel Christen-ouers sê ek kan nie my kind beheer nie? Hulle beheer my. Ek kan nie vir hulle sê wat hulle mag doen en wat hulle nie mag doen nie. Waar hulle mag gaan, hoe laat hulle mag gaan, hoe laat hulle nie mag gaan nie. Die duiwel besluit in hulle eie harte en hulle doen dit wanneer hulle wil! En as my dogter 14 jaar is, en sy is swanger, ja, u dink ek wil hierdie dinge noem, maar dis die waarheid wat ek in hierdie week in my eie spreekkamer ondervind het. 'n St. 7 dogter. Uit 'n goeie Christelike huis! Ons moet 'n swangerskaptoets op haar doen. U sien wat die duiwel doen in ons huisgesinne. Want ons laat maar gaan, almal doen dit mos maar. Almal laat dit maar toe. Hulle kan maar aantrek wat hulle wil, hulle kan die boeke lees wat hulle wil, hulle kan met die maats speel wat hulle wil, hulle kan na die partytjies toe gaan, hulle kan drink en hulle kan dwelms neem, en so nou en dan skelm rook, en wat hulle ook alles doen! Laat hulle maar gaan, die jeug. Hulle kan die musiek luister wat hulle wil, hulle is jonk. Ek kan hulle nie beheer nie. Hulle kan televisie kyk, hulle kan video's kyk, net soos hulle wil; dit maak nie saak nie. Hulle harte word besoedel, hulle hele wese word besoedel, en as hulle in die sonde, in die varkhok geland het, dan sê ek: O Here help! Dan sê ek Here, waar is U? Wees my genadig! Maar die Woord van God het nie in my huis ingesny, as die enigste, Goddelike, waaragtige standaard waarvolgens elkeen sal lewe in my huis, oor my dooie liggaam en onder die bloed van Christus nie. Hoekom kan ons kinders en ons jongmense en hoekom kan kinders van die Here nie meer die duiwel oorwin nie? Omdat hulle nie die swaard van die Gees kan hanteer nie. Hulle kan nie die Bybel hanteer nie, en hulle ken die Bybel nie. Maar hulle loop rond as Christene wat Geesvervuld is! Wonder watter gees het hulle vervul.

15

Gideon het ons genoem en hy is op die parskuip. U sal agterkom hy's besig om koring uit te slaan in die parskuip. Hy is nie eens op die dorsvloer nie. Het u dit agtergekom? Hy's bang vir die vyand! Hy's bang vir die Midianiete! Hy't weggekruip in die parskuip. Hy's bang vir die vyand. Hy's terneergedruk. Hy's mismoedig. Die Midianiete het hulle verarm. En dan kom die engel. "Toe het die engel van die Here gekom en gesit onder die terpentynboom. En die engel van die Here het aan hom verskyn en vir hom gesê: Die Here is met jou dapper held. Toe draai die Here na hom toe en sê: Gaan in hierdie krag van jou en verlos Israel uit die hand van die Midianiete. Gáán! Die parskuip, waar hy bang is, word vir hom 'n plek van ontmoeting. Word vir hom 'n heiligdom. Dit word vir hom 'n plek van openbaring, as God Homself aan hom openbaar en sê: Gaan, Ek is met jou! Gaan in hierdie krag van jou en verlos. In die vereenselwiging asof die Here vir hom sê my krag word jou krag, dieselfde krag wat uit die dood laat opstaan het, daardie selfde krag het jou wederbaar.

En daardie selfde Gees van God, in sy krag, gaan in jou en deur jou en met jou. En Hy doen dit. Maar hy't 'n opdrag, hy't 'n roeping en hy gaan vervul dit in die krag van God. Hy't ingegaan in die heiligdom.

Hoeveel kinders van God kruip in parskuipe weg? Hulle is bang vir die vyand. Hulle is bang vir die wêreld. Hulle is bang vir mense wat saam met hulle werk. Hulle is bang vir hulle vriende. Hulle is bang vir hulle familie. Hulle is bang vir die duiwel. Waar is die kind van God wat vreesloos sê: Here, hier is ek. Ek gaan in u krag. Kos wat wil! Bitter min. Bitter min. Dis gerieflik in die parskuip. Ek slaan maar my eie koring uit. Ek is hier besig met my eie werkies en my eie salaris die einde van die maand - dis vir my die belangrikste. My kinders en my kinders se opvoedinkies en my kinders se geleerdheid en my bankbalans en my ou goedjies. Ek is maar hier in die parskuip besig. Wil u nie bid en sê: Here, verskyn aan my. Verskyn aan my dat ek die lewende God kan sien, en dat ek sy stem kan hoor en dat ek kan ingaan in die heiligdom en dat ek bruikbaar kan word en diensbaar vir God. Gideon!

16

Maar ek haas my. Ek wil graag na Jesaja 6 gekyk het. Waar die engel hom aanraak met die vuurkool. U kan self na Jes. 6 gaan kyk. Hy't 'n ontmoeting met God gehad. Hy't God gesien. Hy't God gesien met die gerubs bo Hom en hy val neer en hy sê: O, Here, ek is 'n sondaar. Ek is 'n man onrein van lippe en ek woon onder 'n volk onrein van lippe. Hy vereenselwig hom met die sondes van sy volk. Hoeveel kinders van God vereenselwig hulle met die sondes van die wêreld? En die sonde van die volk. Dat dit hulle las word, dat dit hulle passie word. Ek wil mense in die heiligdom kry; dat hulle vir God iets kan beteken en vir God kan begin lewe, en ophou kerk speel. Maar die engel moet my mond met die vuurkool aanraak, dat ek gereinig kan word. Dat ek ophou met my skinderpraatjies en gekuier en gepraat oor allerhande nonsens. Al waaroor hulle kan praat is die sports en die weer en die rugby en dit en dat en die ander. Omdat my hart vol is van die wêreld, loop my mond daarvan oor. En dan skinder ek nog hier en daar en ek vertel my wit leuentjies en ek is so bitsig met my tong en ek het baie te sê. God moet my tong aanraak en vervul met sy Gees.

17

Ek sluit met Johannes op die eiland Patmos. Seker die enigste dissipel van die Here wat oorgebly het. Die ander het met hulle bloed betaal. En op hierdie klein eilandjie, Patmos, is Johannes 'n banneling. "Ek was in die Gees op die dag van die Here, en ek het agter my 'n groot stem gehoor, soos van 'n basuin wat sê: Ek is die Alfa en die Omega..."

O, Johannes is in die heiligdom. Hy't Jesus gesien. Hy't God gesien in sy allerheiligste volheid en hy val soos 'n dooie aan sy voete. Het u al God gesien? Het u God gesien? Het u waarlik, waarlik by die plek van ontmoeting gekom, by die plek van openbaring dat God Homself in sy almag, Jahwe, aan u openbaar? En het u al neergeval soos 'n dooie aan die voete van die Meester? En gesterwe saam met Hom? Gekruisig met Hom, gereinig deur sy bloed. Het u opgestaan, saam met Hom opgestaan, en lewe u saam met Hom met ' opdrag, met 'n roeping, met 'n taak; om Hom gans u lewe te verheerlik?

18

Wie mag klim op die berg van die Here. Psalm 24. Wie mag staan in sy heilige plek?

Hy wat rein van hande en suiwer van hart is.

Wil u nie ingaan in die heiligdom nie? Wil u nie ingaan in die heiligdom en herlewing smaak nie? AMEN.

19

Heilige Here Jesus, dankie vanaand vir die bloed van die Lam wat reinig. Dankie Here Jesus vir die voorhangsel wat geskeur het. O, dankie, dankie dat ek kan ingaan in die allerheiligste. Dankie dat ek God se volle teenwoordigheid kan smaak. Gereinig, gevul, geroep en gestuur. Dankie Here Jesus, dankie dat U nie net die talle hande gesien het vanaand nie, maar dat U die harte sien en dat elke lewe oop en bloot voor die God is met wie ons te doen het. Maar dankie Here Jesus dat U genadig genoeg is al is 'n hart so hard, al is 'n sonde hoe groot. Dankie dat U juis gekom het om sondaars te red van wie ek die vernaamste is. En daarom pleit ek, o lewende Meester, sal U nie in hierdie aand 'n Goddelike werk doen in elke hart, in elke lewe wat dit met God, die lewende Jesus opreg bedoel nie. Dankie. U doen dit, want U is getrou, U kan uself nie verloën nie. Dankie Here U antwoord, en dankie dat die wêreld sal weet en dat Suid-Afrika sal weet as hierdie kind van God daar kom, dat God daar is in sy volheid. Doen dit net tot U eie verheerliking. In hierdie aand, Here, aan U al die eer, omdat U God is en omdat U lewe. AMEN.

# KOMMENTAAR

Dis nie 'n maklike taak om so 'n lang "preek" in praatstyl te beoordeel nie. 'n Mens praat nou eenmaal anders as wat jy skryf, en neergeskryf mis dit die stem en die gebare wat halwe sinne kan oorbrug. Om te help, het ons die sinne waar geskreeu word, onderstreep, en waar gehuil word, met stippellyne aangedui.

Die basiese probleem met die stuk is dat daar so bitter min van die evangelie tereg kom. Dis nie prediking van die evangelie nie, dis 'n verwyt. Die spreker verwyt die mense dat hulle godsdiens speel en hy raas met hulle daaroor. Dis ook nie 'n boodskap nie. 'n Boodskap is tog 'n mededeling, in

hierdie geval van iets wat God gedoen het, maar dit is nie die toeleg van hierdie rede nie. Die toeleg is om die mense iets te laat doen. Niks minder nie, maar veral ook niks meer nie.

Die grondtoon van die vermaning is naamlik dat wat die mense tot nou toe gedoen het, nie grondig genoeg was nie.

**DIE KOMMENTAAR WAT ONS HIER AANBIED, IS BILLIK, EN DIE OORDEEL SAG. AS 'N VAKTEOLOOG HIERDIE REDE ONDER HANDE NEEM, SAL DIT VEEL ERGER GAAN.**

Dit is baie interessant. 'n Mens rek jou oë as jy luister en lees: "Almal neem die Here Jesus aan, almal kom tot bekering, almal maak 'n volle oorgawe... en daar gebeur niks in S.A. nie. Want ons speel godsdiens." Maar as jy nou mooi kyk, sal jy sien die spreker bevraagteken nie die haglikheid dat óns die Here moet aanneem nie ens. — nee, hy bevraagteken slegs die intensiteit waarmee dit gedoen word. Dit kom vier, vyf kere in die betoog na vore. Die gangbare transaksies in kerk en sekte is eenvoudig net nie goed genoeg nie. Maar sý uitgawe sal die ding doen. Hy is ernstiger. Hý speel nie godsdiens nie. Hy bedoel besigheid met God.

Dit is so ontsaglik ver verwyder van wat 'n preek behoort te wees. 'n Geesvervulde preek, geïnspireer deur die Trooster, wat die evangelie van Jesus Christus bedien, die versoening gratis en verniet uitdeel, en die mense daarvan verseker dat hulle God mág glo. Hulle selfs smeek om God te glo (2 Kor. 5:20).

Nie dat ons nie die besorgdheid van die lekeprediker deel oor godsdiens speel nie. Maar die erns van die godsdiens word nie gedien deur die duimskroewe op die mense al stywer te draai nie. Die erns van die godsdiens lê dáárin dat Gód dit gedoen het. Dat God dit ernstig bedoel het met die mense, en die heil, die volle heil en heil-igheid, bewerk het. Totdat die mense dit besef, word hulle tevergeefs opgesweep om nog meer erns bymekaar te hark.

* * *

Kom ons kyk oorsigtelik na wat alles in die onderhawige aan die orde is.

In die gebed vooraf, wat nie gepubliseer is nie, word gesê: "Dankie vir u bloed wat toegang verleen het. Dankie dat U die prys betaal het." Dit is mooi en reg. Maar onmiddellik daarna volg: "Vergewe dat so bitter min van u kinders in die heiligdom ingaan... gee vir ons krag dat ons sal ingaan..." Dit wil dus voorkom asof die outeur met die ou gnostieke indeling werk. Die psigikoi kan jy wel kinders van die Here noem, maar hulle is buite die heiligdom. Sou hulle gered wees? Of is net die pneumatikoi, die geestelikes, in die heiligdom en gered? Wat presies is dan dié heiligdom?

* * *

Al die tekste wat gelees is, het betrekking op die heiligdom van God w.o. die allerheiligste in die tabernakel en die tempel, en die mens se liggaam. Die sentrale teks is seker Hebr. 10:19 — wat ons só kan parafraseer: Omdat Christus, met sy soenbloed die weg gebaan het na die hart van God, het ons die vrymoedigheid om in te gaan, al is ons sondaars. Was dit nie vir Christus nie, sou ons nie kon ingegaan het nie, want ons is self nooit heilig genoeg daarvoor nie. Ons gaan as gelówiges die heiligdom, die feesmaal, die saligheid van God in, en 'n gelowige is iemand wat glo dat Jésus se meriete syne geword het. Die nuwe vertaling stel dit baie duidelik dat ons nie op eie stoom daar ingaan nie, al is ons ook hoe ernstig. Hy sê: "Ons harte is immers gereinig van 'n skuldige gewete (deur wat anders as die bloed van Christus?), en ons liggame is gewas met skoon water (die doop wat simbool is van dié bloed).

**DIE SPREKER VERSTAAN NIE DAT ONS TEGELYK SONDAARS EN GEREGVERDIGDES IS NIE. EN GOD IS NIE VAN ONS AFHANKLIK OM IN SY VOLHEID TEENWOORDIG TE WEES NIE.**

My algemene indruk is dat die spreker hierdie teks nie goed verstaan nie, en meen om die mense te beweeg om ernstig en heilig genoeg te wees om te kan ingaan. As dit nie sy toeleg is nie, is groot stukke van sy betoog eenvoudig onverstaanbaar. Hy troos hulle dus nie met die teks nie, hy dreig hulle daarmee. In plaas daarvan dat hy die lieplappers van die stegies probeer dwing om in te kom (Luk.14: 23), al is hulle vuil en onwaardig, laat hy hulle 'n eksamen aflê wat moeiliker is as al die voriges.

* * *

In par. 2 reduseer die spreker alles wat oor heiligmaking en 'n "volheidslewe" gesê word, tot "God self in ons midde". Dit wil voorkom asof dit 'n alles of niks benadering is. God kan nie gedeeltelik teenwoordig wees nie. Herlewing of 'n sogenaamde volheidslewe, is dus wanneer God volledig "in jou midde" is.

Ek vind daar nie fout mee nie. Matt. 28:20 belowe dit in soveel woorde, en aan die einde van elke erediens word dit in die seën aan élke kerkganger toegesê, 'n woord wat selfs sterker as "belowe" klink.

Maar ek het die indruk dat ons spreker dit nie só opvat nie. Dan sal hy nie so rusie maak met die mense nie. Hy sal hulle van God se teenwoordigheid verséker, en hulle vra om dit te glo. Hy sal nie die indruk skep dat hulle dit nog vir God moontlik moet maak om teenwoordig te wees nie.

* * *

Par. 3,4 en 5 is bietjie moeilik om te verstaan. Dit wil voorkom asof die spreker diensbaarheid sien as die doel van heiligmaking, en dat hy ander se aansprake op 'n Geesvervulde lewe bevraagteken omdat hulle nie diensbaar genoeg is nie. Self was hy vroeër ook so onvoltooid. Waarby mens moet uitkom, is dat God verheerlik word "in elke asemhaling en elke beweging, in elke beplanning, in elke gedagte van gans my lewe."

Natuurlik is dit 'n mooi ideaal, maar in die lig van die Bybel en vrg. 114 van die Heidelbergse Kategismus ongelukkig nie haalbaar nie. Soos die spreker dit voorstel, lyk dit asof 'n haalbare perfeksionisme sy ideaal is. Hý gaan (het?) dit reggekry. Hierdie indruk word versterk deur die voorafgaande sin: "Nooit kom ek daar dat die Gees van God my vul tot die volheid Gods, en ek bruikbaar word en diensbaar nie." Let wel: Dit word bedoel as 'n verwyt. Dis nie 'n skuldbelydenis nie.

Die rede waarom die spreker dit só stel, is omdat hy nie verstaan het dat die Heilige Gees ons van die heil versker en ons op die kruis wys nie. Hy verstaan nie dat ons tegelyk sondaars én geregverdigdes is nie (simul justus et peccator). As ons sê ons is onheilig, dan wys die Gees, die Trooster, ons die kruis, en sê nee, jy is heilig. Jy is op die kruis geheilig.

**HOE KAN 'N GEREFORMEERDE CHRISTEN VAN GELOOFSEKERHEID PRAAT SONDER DIE SAKRAMENTE? EN HOEKOM, DINK U, KOM DANKBAARHEID NERGENS IN HIERDIE PREEK TER SPRAKE NIE?**

Par. 7 is ook uiters moeilik om klein te kry. 'n Redelike hoeveelheid materiaal word vermeld, maar die verband is nie altyd duidelik nie. Dat Jesus gesterwe het om die weg te open en dat "ek en u" niks meer nodig het nie, is regsinnig en waar. Ook dat dit "vir ewig" is. Maar teen die einde van die paragraaf begin 'n mens die indruk kry dat die spreker dit nie regtig bedoel nie, of verkeerd verstaan. As hy sê dat ons nie "sonder reiniging" en nie "sonder wit klere nie", en met "my gewete gereinig", alleen só God in my midde kan ervaar, dan is die indruk tog oorweldigend dat die spreker 'n soort reinheidseis stel waaraan ons sélf moet voldoen. Jesus het ons gewas met sy bloed, ook ons gewetes, maar dan moet dit nou darem ook skóón wees vóórdat ons kan ingaan. Ons geregtigheid is dus nie 'n vréémde geregtigheid nie, dis 'n eie-geregtigheid. Dit lyk dus asof Jesus ons nie werklik gewas het nie, Hy het ons van water en seep voorsien. En 'n rugborsel. Dis die enigste erklaring vir die trant van die "preek". Hoe kan jy mense verwyt as Christus hulle alles genadiglik geskenk het? Behalwe as hulle dit nie wou glo nie. Die Christelike vermaning aan die einde van die Nuwe Testamentiese briewe is in 'n geheel ander toonaard. Dit vermaan tot geloof en hoop, en wys op die ondenkbaarheid van die ergerlike sondes, omdat Jesus dié in sy graf laat agterbly het. 'n Klassieke voorbeeld is 1 Joh. 3:20 waar 'n pynigende gewete eenvoudig deur die genade van die tafel afgevee word.

* * *

Par. 8 en 9 versterk baie van ons vermoedens. "Kinders van die Here" wat dink dat hulle in die heiligdom is, mislei hulleself omdat hulle niks "ervaar" het van die reinigende bloed van Christus ens. en van "die heilige teenwoordigheid van God" nie. "Ervaring" is dus die sleutel. Nie die toesegging deur die Woord en sakramente en die gló daarvan nie. Daarom speel die érns so 'n groot rol. Die heilbegerige kan die deurbraak maak na hierdie ervaring mits hy dit ernstig genoeg bedoel en verstaan. Hy moet ophou "speel" met "gemors". Maar dit is so ver verwyder van die nagmaalsformulier wat sê: "Die sekerheid wat hierdie waarborg ons gee, is nie gegrond op ons gevoelens of stemminge nie, maar op die tekens uit die hand van die Here, ja is op die Here self gegrondves."

Hoe kan 'n gereformeerde Christen oor geloofsekerheid praat sonder om die sakramente ter sprake te bring?

Aan die einde van par. 9 blyk dit baie duidelik: Ons is nié in die heiligdom nie. Christus mag nog so die weg gebaan en ons met sy bloed gewas het, sodat ons niks meer daarby hoef te voeg nie, maar die begeesterde spreker lei en dryf ons om te bid "dek my onder u bloed" en "reinig my dat ek waaragtig rein sal wees". Dán eers kan ek in die heiligdom van God ingaan.

Hy dank die Here dus nie dat ons op Golgota gereinig is nie, en vra die Gees nie om ons tog toenemend daarvan te verseker nie. 'n Lewe van dankbaarheid kom nêrens ter sprake nie. Waarvoor sal jy nou danbaar wees as jy nêrens is nie? Al wat jy kan wees en voel is skuldig.

* * *

Na par. 10 het ons reeds verwys. Let net op die eienaardige aanvang van die paragraaf. Daar is bitter min "kinders van God" wat waaragtig deur God gebruik word. (Dus weer die opvatting van die A- en B-aandeelhouers.) 'n Stukkie evangelie en genade breek hier deur as die spreker sy verwondering uitspreek oor God se geduld, 'n verwondering wat ons met hom deel.

Par. 11 ontwikkel in dieselfde bane. Jesus het gesterwe sodat ons in die heiligdom moet ingaan, en dit moet "ervaar". Wat hierdie "ervaring" is, word effens duideliker as dit beskryf word as "met 'n waaragtige hart" en "volle geloofsekerheid". En veral: "Ek kan nie in die heiligdom ingaan as ek nie waarlik "wederbaar" is deur die Gees van God nie. As ek nie waarlik tot "bekering" gekom het nie."

Dit word al duideliker. Wedergeboorte is nie iets waarmee jy mense troos nie, dis iets wat jy van mense verwag, selfs eis. Daarom noem jy dit in één asem met bekering. Gangbaar beteken bekering vir hierdie gesindtes dat jy die sonde los. (Nie dat jy jou keer na die evangelie en dié glo nie — vgl. Mark. 1:15.) Dis nou ook baie duidelik dat ons nie onvoorwaardelik die heiligdom ingaan nie. Waartoe Jesus ons onvoorwaardelik gered het, val nou moeilik uit te maak. Behalwe as daar 'n verskil is tussen die heiligdom en die saligheid, en daar is nie. Ons is uit genade gered, en dit beteken onvoorwaardelik — daarmee staan en val die evangelie. Die prediker dwaal dus kennelik hier.

Dit is, in hierdie kader, nie moeilik om te raai dat hy met "waaragtige hart" 'n subjektiewe ingesteldheid as voorwaarde bedoel nie, en met geloofsversekerdheid sélf-versekerdheid nie.

Aan die einde van die paragraaf blyk dit glashelder. Die grootste struikelblok, sê die "leraar" wat mense "uit die hemel sal hou" en van 'n "volheidslewe weghou" is die gebrek aan 'n "waaragtige hart", 'n sê "Here, ek bedoel dit met my lewe". Iemand wat die gevaarlike subjektiwisme hiervan nie kan aanvoel en insien nie, verstaan baie min van die gereformeerde godsdiens. Lojaliteit aan laasgenoemde is lippediens as jy só praat. As daar nou één ding is wat 'n mens uit die hemel weggehou het, was dit die goeie bedoelings van die Fariseër wat saam met die tollenaar die dag aanbid het.

Dat daaraan toegevoeg word "net soos ek is" val vreemd op die ore. Sou dit maar 'n geykte frase wees? As mense se "net soos hulle is" hulle al soveel kere verwyt is, hoe kan dit nóú 'n aanbeveling word? En wat daarvan as onwaaragtigheid van hart deel van my net-soos-ek-is is? En hoe kan jy daarna bid "dat die bloed van Christus my kan reinig"? As die Woord sê die bloed van Christus het ons op Golgota eens en vir altyd gereinig, kan jy Hom tog net daarvoor dank as jy tot geloof kom.

**DIE PREDIKER KAN DIE MENSE NIE, SOOS DIE BYBEL, MET DIE WEDERGEBOORTE TROOS NIE — HY EIS DIT VAN DIE MENSE EN VERSKRIK HULLE DAARMEE. BEHALWE DALK DIé WAT KLAAR GEARRIVEER HET.**

Van par. 12 af word nou 'n paar Bybelfigure as voorbeelde geneem — waarvan ons nie alles geplaas het en waarby ons nie breedvoerig hoef stil te staan nie.

In par. 13 word die essensie van Moses se Horeb-ervaring gesien in sy "stil word" voor God. Dit is baie skewe en mensgerigte Skrifuitleg. Dit ignoreer totaal God se inisiatief en Moses se lang reeks verskonings en onwilligheid totdat die Bybel moet sê dat God kwaad geword en hom daar weggeboender het met Aäron om dan sy hand vas te hou. Dat Moses se skoon en witter as sneeu wees van sy bereidwilligheid en toewyding afgehang het, is eenvoudig onwaar. Dit is die rede waarom hierdie soort Skrifverklaring dit so moeilik vind om die genade in die Bybel en in die heilsgeskiedenis raak te sien.

Net so verdraaid is dit om dan te sê dat Moses die stem van God gehoor het omdat hy stil geword het, en dat die TV en die radio ons daarom weghou uit die heiligdom. Noordmans het, met verwysing na die versoeking van Jesus in die (stil) woestyn, gewaarsku dat ons in die stiltes wat óns skep, dikwels eerder met die duiwel te doen kry.

* * *

Teen die einde van die Moses-gedeelte, par. 14, staan die vraag wat ons so dikwels selfs in die kerklike praktyk raakloop. "Is u gereinig deur die bloed van die Lam?" Hoe kan die bedienaar, die bediénaar van die evangelie só 'n vraag vra? Hy bedien dan die evangelie? Hy maak nie 'n meningsopname nie. Wat van hom verwag word, is om te sê: U is gereinig deur die bloed van die Lam. U mág dit glo.

Maar in hierdie tipe ervaringsgodsdiens kan jy dit nie so doen nie. Want jy bedoel eintlik nie om te vra of die persoon God se versekering glo dat Hy hom om Christus ontwil met Christus se bloed gereinig het nie. Hy bedoel: Het jy al só ernstig geraak dat jy kon vóél God is by jou, en dat jy kon vóél sy bloed reinig jou, en dat jy nou weer gebore vóél, en seker vóél van alles? As die outeur dus smalend praat van ander se ervarinkies (soos van kerklike basaars) bedoel hy nie om ervaringsgodsdiens gereformeerd van die hand te wys nie. Hy bedoel maar net om 'n beter, meer intense variasie daarvan te voorsien.

En dan die ou vraag: Hoeveel siele het u na die Here Jesus gelei in hierdie jaar? 'n Mens lei nie 'n siel na Jesus toe nie. Daar is nie 'n pad na Jesus toe nie. Jesus is die Weg. Jy vra geloof in Jesus. Jy verwys die mense na hulle kinderdoop en vra of hulle besef dat hulle aan God behoort omdat Hy hulle aangeneem het en dit swart op wit met die doop bevestig het. Probleem met hierdie soort ervaringsoproep is dat dit meesal daarop neerkom dat die oproeper mense aanspoor om die kerk en sy sakra-

mente nog meer uit te hol en van alle betekenis te beroof.

* * *

Gideon is die volgende Bybelfiguur. (Josua het ons oorgeslaan.) Hy word in par. 15 eksemplaries uitgelê. Alles klop egter nie. Aan die einde van die verhaal word roerend gepleit dat ons die Here sal vra om aan ons te verskyn sodat ons in die heiligdom kan ingaan. Dat die Kategismus en die nagmaalsformulier sê dat Jesus 'n volkóme Verlosser is waaraan ons álles het en dat Hy my van die heerskappy van die duiwel verlos hét, en dat ek dus veilig en getroos is vir tyd en ewigheid, speel hier nie 'n deurslaggewende rol nie. Die kind van die Here moet bedelend pleit om ingelaat te word. Verswyg word dat die oorweldigende genade in die Gideon-verhaal dáárin lê dat God verskyn het sonder dat Gideon vurig gepleit het en dat Gideon byna tot aan die einde van sy verhaal nog bly twyfel het en die een teken na die ander bly vra en gekry het.

* * *

Dan kom Jes. 6 (par. 16) aan die orde, en Jesaja het ook 'n "ontmoeting". Nêrens in die Bybel staan egter dat hý die ontmoeting aangebring het nie. Die indruk wat ons kry as hy neerval is eerder dat hy sou gewens het om dit nie te gehad het nie. Want God is inderdaad 'n verterende vuur, wat in hierdie geval genadiglik en evangelies die sonde wegbrand. Ek kan nie anders as om op te merk dat ek 'n totaal ander gesindheid by Jesaja as by ons medikus-prediker waarneem wat hovaardig skel op die mensies wat rugby praat en oor die weer klets. Jesaja vereenselwig hom met hierdie soort aardse sondaars, maar nie ons bekeringsprediker nie. Hy sien neer op hulle. Dis 'n stadium waarby hý verby is. Daarom sien hy ook nie die kruis en die eensydige genade in die vurige kool raak nie.

* * *

Ons slaan Tomas oor, en kom by Johannes op Patmos, en die spreker vra: "Het u al God gesien?" Hy sê nie hóór die woord van die Here nie, want hy is nie 'n Woord-teoloog nie. Hy is 'n ervaringsteoloog, sonder artikel 8. "Het u waarlik, waarlik (q.e.d.) by die plek van ontmoeting gekom?" Het u al gesterwe saam met Hom? Paulus sê in Rom. 6 dat ons deur die doop saam met Christus gesterf het en begrawe is, maar ons prediker vergeet daarvan, of ontken dit. Hy dryf die mense die onmoontlike in totdat hulle skynheiligheid as 'n leefwyse aanvaar of in wanhoop alle godsdiens die rug toekeer.

* * *

En dan eindig die opwekkingsdiens in die privaat herlewingsentrum met ps. 24 op 'n vreemde (maar nie onbekende) manier aangewend: "Wie mag klim op die berg van die Here; wie mag staan in sy heilige plek? Hy wat rein van hande en suiwer van hart is."

Daarmee is die kat behoorlik uit die sak. Ons het inderdaad te maak gehad met vroomheidsgodsdiens en 'n heiligheidsbeweging wat wil skuilgaan onder die dak van 'n gereformeerde kerk. Dat Ps. 24 self al sê dat slegs die magtige Koning, wat God self is, aan hierdie vereistes kan voldoen, gaan by ons man verby. So ook dat die hele Bybel die verhaal vertel dat daar ten slotte minder regverdiges in Gorasin, Betsaida, Kapernaum en Jerusalem sáám was as in Sodom, Gomorra, Tirus en Sidon, en dat Jesus toe, God self, dit alléén gedoen het. Sonder ons, maar vír ons.

**DIE BEKERINGSPREDIKER MIS DIE DIEPSTE TROOS VAN DIE EVANGELIE, OMDAT HY DIE EVANGELIE TOT 'N SAMBOK VERDRAAI WAARMEE HY DIE MENSE KAN DRYF EN KAN OPSWEEP.**

Nee, ons spreker ag dit 'n haalbare moontlikheid van sy (gedoopte) hoorders. Daar is geen ander afleiding moontlik nie. Hy weier om van genade alleen te lewe. Daarom vra hy hulle: "Wil u nie ingaan in die heiligdom...en herlewing smaak nie?" Die keuse is jóúne.

* * *

Die slotgebed, par. 19, is verrassend evangelies. Sou dié kind van die kerk tog diep in sy hart weet wat ons enigste troos in lewe en in sterwe is? En tog kan dit ook maar nie sonder die "elke lewe wat dit met God...opreg bedoel nie".

Miskien is dít die probleem van die hele redevoering en van al die soortgelykes: die dubbelslagtigheid wat mense eindeloos verwar. Het Gód ons nou gered, of moet ons onsself red? Moet ons ernstig genoeg wees, en sê nou ons is nie?

Waar is die eenvoud, die simplicitas, en die klaarheid, die claritas, van die Reformasie? Sola gratia, solo Christo, sola fide. En dan nie eens 'n "geloof alleen" wat réd nie, maar wat die redding van Christus merieteloos omhels. ●

**'N MENS GLO**
**DAT GOD JOU GERED HET.**
**'N MENS GLO NIE**
**DAT GOD JOU SAL RED**
**AS JY GLO NIE.**

# DIE DEUGSAME VERLORE SEUN

In die eerste uitgawe van die charismatiese blad "Esther" word 'n ontleding aangebied van die verhaal van die verlore seun in Luk. 15 wat bykans net die vindplaas met die Bybel in gemeen het.

Dit word aangebied as 'n handleiding vir 'n afgedwaalde om die weg na God terug te vind, en word in 10 stappe verdeel.

1

Hy het tot inkeer gekom en die deugsame gedagte gedagte gedink dat hy liewer 'n dienskneg van sy vader wil wees as 'n huurling in 'n ver land. Verswyg word dat hy 'n deurbringer is wat éérste die moontlikheid oorweeg het om die varke se kos te eet, en dat 'n groot deel van sy motivering om den brode was.

2

"Hy het 'n vaste besluit geneem." Hierdie deurbringer is dus 'n man van die daad. Die tekstuur van die verhaal wat sy sonde en ellende uitbeeld, skuif na die agtergrond, en die flinke deugsaamheid na die voorgrond.

**HIERDIE RELAAS, OOK UIT "ESTHER", GETUIG VAN 'N TEOLOGIE WAAROP GESTEMPEL STAAN "MADE IN HONG KONG."**

3

"Hy het na sy vader verlang." In algemene Bybelse terme is hy nie geneigd om God en sy naaste te haat nie, hy is 'n heilbegerige.

4

"Hy het die daad by die gedagte en die woord gevoeg en dadelik opgestaan voor die verlange afneem." Die man van die daad. Die deugsame man. Sy ja is sy ja. Die motief van die Esther-kommentator is natuurlik om die leser te beweeg om op te hou wik en weeg. Om nóú te spring. Voor die verlange afneem. Maar die Bybelverhaal weet net van honger wat al erger word.

5

"Hy het self die ent terug geloop." As dît nie Arminianisme is nie, wat is? Is daar nie 'n SKLAS wat dit asseblief sal ondersoek nie? Daar is geen twyfel oor die kommentator se bedoeling nie. Hy sê uitdruklik: "Daar is 'n afstand wat ons moet oorbrug" (182). Hy noem dit die moeilikste deel van die herstel.

Maar die Bybel sê die moeilike deel van die herstel was die hel op die kruis, maar toe was dit ook volbring. Nou is daar géén afstand meer wat ons moet oorbrug nie. Daar is nie 'n weg na Jesus toe nie. Jesus is die Weg.

6

Die sesde punt bring ons by die Vader wat gehardloop het. Hier is die evangelie so skel dat selfs nie die gehardste metodis die evangelie hier kan mis nie. Hy skryf: "Laat dit nou al vir jou 'n bemoediging wees...dat die Vader meer angstig (lees: gretig) is dat jy moet terugkeer, as wat jy daarna verlang. En tog beskryf hy hierdie daad van die Vader as 'n tegemoetkoming, nie as die deurslaggewende reddingsdaad nie.

7

"Die seun breek eerste die lang stilte wat tussen hulle geheers het." Hierdie soort teologie soek 'n mens in Esther, maar nie uit die pen van 'n NG gelegitimeerde nie. Die inisiatief lê dus, volgens die artikel by die terugkerende mens.

Maar dis tog onwaar. God het Hom aan ons geopenbaar. Ons het Hom nie gesoek en eerste gekry en gepraat nie. Dat die seun in die onderhawige gelykenis eerste praat, is waar, maar dit word nie daarom 'n teologiese reël nie. Voor die seun gepraat het, het die Vader gehardloop, en die woorde van die seun is woorde om den brode en met 'n slawementaliteit. Daar sit wel gebreklike berou, maar geen meriete in nie.

Buitendien lewe hierdie verhaal in Jesus, dit is in God self se mond, as Hy besig is om die swygende mense tot bekering te roep.

As die outeur sê "God vergewe dié sondes wat ons bely" (L.W. "dié"), is dit ook 'n onwaarheid. God het in Christus sondes van ons vergewe wat ons salig onbewus van is. Só groot is ons sonde en ellende en só groot sy genade.

8

Die seun kom nie nou iets vra nie, sê die skrywer, hy kom "om homself vir diens aan te bied". Wat 'n deugsame seun tog. En wat 'n teoloog.

9

Die Vader knip nou die gesprek kort nie omdat Hy genadig is nie, maar, sê ons uitlegger, "omdat hy (Hy) weet sy seun probeer nie nou goedkoop insluip by die agterdeur nie, maar kom waarlik met sy hele hart." As dit nie Roomse werkheiligheid is nie, wat is dit dan? Die evangelie staan en val met die leer van die regverdigmaking van sondaars, nie berouvolle gewese sondaars nie. Hoe moet 'n mens dit stel dát dit tog uiteindelik begryp sal word?

10

Nou kom die laaste en die moeilikste stap, sê ons leraar. "Ons moet dit alles in die geloof aanvaar." Wat beteken dit? "Ons moet glo dat Hy ons volkome vergewe die oomblik as ons ons skuld aan Hom bely het."

Maar 2 Kor. 5 sê dat God met Christus op die kruis die wêreld se skuld vrygeskeld het. Hoe kan dit nou afhanklik word van ons belydenis? Die kinderdoop sê dat God hierdie suigeling se skuld wat hom in die verdoemenis sou laat beland het, in Christus se graf laat agterbly het, maar "Esther" se vreemde medewerker sê dit kan eers gebeur as dié kind sy skuld bely het, en dat ook net dié wat hy by name bely.

Hoe sou hy die kinderdoop aan sy katkisante verduidelik? En is dit moontlik dat 'n kerk sy eie leer só kan ondermyn? ●

---

## FEITE EN FANTASIE

Van bl. 20

Bekyk 'n mens hierdie saak nou in die lig van hedendaagse godsdienstige storms, kan ons gerus maar begin by die groot doop. Daar is al vir my gesê: As jy jou nie laat groot doop nie, gaan jy hel toe. Is dit nou 'n feit? Of is dit fantasie? Daar is natuurlik 'n Bybelwoord waarop dié stelling gebaseer word bv. Mark. 16:16 – Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word... Die interpretasie wat gegee word aan hierdie woorde, is eenvoudig: om gered te word, is daar twee voorwaardes waaraan 'n mens moet voldoen: 1. Jy moet glo; 2. jy moet jou laat doop. So eenvoudig is dit, en dit is tegelyk duidelik waarom suigelinge nie gedoop kan word nie, want hulle kan nie aan die eerste voorwaarde voldoen nie.

Die vraag is egter of geloof en doop hier as voorwaardes bedoel word. Indien wel, dan gaan dit daaroor dát ek glo en nie wát ek glo nie – dát ek my laat doop, en nie wát die doop vir my beteken nie. Dan is die geloof en die doop my aandeel in die verlossing. Dat dit nie die geval kan wees nie, blyk uit die verband waarin Mark. 16:16 voorkom. Vers 15 is 'n opdrag en vers 16 'n belofte. Die opdrag is: Gaan verkondig die evangelie. Wat is die evangelie? Die evangelie is dat Jesus álles gedoen het vir my saligheid. En wat is die belofte? Dat Jesus my gered het, en in die laaste oordeel sál vashou. Ek word dus deur Jesus Christus, d.i. deur die inhoud van my geloof gered. Dat dit vír mý gedoen is, is deel van die blye boodskap en ontvang nie sy geldigheid eers wanneer ek glo en my laat d doop nie. As geloof en doop voorwaardes sou wees waaraan voldoen moet word alvorens ek gered kan word, beland ons weer in die wêreld van die fantasie, want dit gee aan die mens 'n bydraende deel aan sy verlossing. Dan is dit nie meer God vir ons nie, maar ons vir God, en is daar niks van die blye boodskap meer oor nie.

Bekering. Dis nou nader tuis. Van die kansel af het ek al gehoor: As jy tot bekering kom, sal God jou aanneem. N.a.v. Mark. 1:15 skryf dr. P.F. Theron treffend hieroor:"Bekeer en glo is nie twee verskillende dinge wat die mens moet doen nie. Nee, jy bekeer jou juis deur die evangelie te glo. Anders gestel: 'n Mens kom juis tot bekering omdat God jou aangeneem het." Daarom is die stelling dat 'n mens jou eers moet bekeer, 'n fantasie. Dit is ook "ons vir God".

Oral waar die fantasie naamlik dat die mens 'n aandeel aan sy redding het, posgevat het, ontstaan innerlike konflik en onsekerheid. Immers, wie erns maak met sy verlossing, sal altyd móét bly vra: is my geloof sterk genoeg? Is my bekering waarlik eg? So word die aandag toegespits op jouself in plaas van op Christus.

Dit is tegelyk die bekoring en die tragedie van die fantasie rondom die Christelike geloof. Bekoring: die fantasie skep die ruimte vir die fantastiese waarin die mens homself ekstaties kan handhaaf. Tragedie: die fantasie bly steeds 'n gebondenheid aan jouself wat altyd sal honger en hunker na die wonder: "Eers as die Seun julle vry maak, sal julle werklik vry wees." (Joh. 8:36)

Dit is hieroor wat Paulus so hartstogtelik skrywe in die Galasiërbrief: "Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat indwing nie." (Gal. 5:1) Dán eers word dit: Ons vir God. En dán is die "ons vir God" werklik 'n feit. ●

**Van bl. 4**

## INTERKERKLIKE?

"Dominee, wat is die interkerklike...? Die interkerklike...een of ander iets? Ons kinders gaan soontoe, en ons bekommer ons."

Ek het begin deur te verduidelik dat interkerklike bewegings mense is wat sê dat hulle baie verdraagsaam is. Hulle vra nie aan watter kerk jy behoort nie. Hulle vra net of jy 'n Christen is, en kerk is nie belangrik nie. Hulle wil verdraagsaam wees teenoor elke kerk en sekte.

"Maar dominee, as hulle so verdraagsaam is, hoekom kom die kinders dan daarvandaan terug en sê óns kerk is gevrek?"

Ek het ook verduidelik dat interkerklike belydenisloosheid iets anders is as kerklike samewerking en gesprek. Ons het behoefte aan samewerking en gesprek, maar aan belydenisloosheid sal ons doodbloei.

## SUBJEKTIWISME EN HARTELOOSHEID

Ek het meermale al die standpunt verdedig dat daar niks verkeerd is met gevoel in godsdiens nie. Trouens, ek kan my kwalik voorstel dat iemand met koue oë kan aanhoor dat Jesus sy lewe vir hom op Golgota gegee en hom van die hel gered het. Dit sou harteloos wees.

Die probleem ontstaan egter as die gevoel nie 'n gevolg nie, maar 'n oorsaak in die godsdiens word. As ons begin dink ons speel met ons gevoel op God s'n. As ons dus die vrome gevoel tussen ons en God inskuif – wat die geleerdes piëtisme noem.

Die grofste vorm van gevoelsgodsdiens word in die Bybel beskrywe waar die Baälpriesters hulle stukkend sny, en waar mense hulle kindertjies aan die gode geoffer het, om voorspoed te beding.

Maar daar is ook nog 'n ander variasie van gevoelsgodsdiens wat sy duisende verslaan.

Sy sê hulle gaan saans na die handeklapkerk toe, maar ek moenie bekommer nie, sy sal haar nie sommer laat doop nie. Sy doen net 'n ding as sy voel die Here lei haar om dit te doen. En op die oomblik voel sy glad nie om dit te doen nie.

Net die vorige aand was ons by iemand wat géén rede wou verstaan nie. Sy kan ook nie verstaan dat ons nie kan verstaan dat sy voel haar tweede doop was reg nie. Sy voel die Here het haar so gelei, en sy het vrede daarmee as Hy ons nie ook so laat voel nie.

Dít is gevaarlike subjektivisme. Dit is een van die redes waarom die kerk gesê het net dié 66 boeke is geïnspireerde Woord en leiding van God, en nie elke nuk en gril van mense nie.

Ons gevoel is natuurlik, maar dis ook gevaarlik as dit die bron van ons sekerheid word. Ek voel nie seker omdat ek seker voel nie. Ek voel seker en veilig omdat Gód sê.

### DIE ESSENSIE VAN DIE REFORMASIE

The material principle of the Reformation is the doctrine of justification by faith, or rather by grace through faith. Excuse me for this slip of the tongue! Never say what I just said by mistake, but always say, justification bý grace thróugh faith. The justifying power is the divine grace; the channel through which men receive this grace is faith. Faith is by no means the cause, but only the channel. In the moment in which faith is understood as the cause of justification, it is a worse work of man than anything in Roman Catholicism. It results in destroying one's own honesty by compelling oneself to believe certain things. This is the consequence of the phrase, justification bý faith. If faith is a human work which makes us acceptable to God, and if this human work is the basis or cause of salvation, then we can never be certain of our salvation in the sense in which Luther sought for certainty when he asked the question, "How do I find a merciful God?" Therefore, whenever you are dealing with Protestant theology, dismiss forever this distortion of faith – sola fide in Latin – which sees faith as a cause instead of as a channel. Luther made this clear repeatedly when he said that faith is always receiving and only receiving; it does not produce anything. Certainly it does not produce the good will of God.

(Uit: Paul Tillich, A history of Christian Thought, 308)

# FEITE & FANTASIE

> Het christelijk geloof leeft niet bij ideeën, ook niet bij de verhevenste, het leeft bij feiten. En indien het feit vervalt, is de idee krachteloos geworden, van niet meer waarde dan een misschien schoone maar waardelooze phantasie. S.U. Zuidema

**Elmer Erlank**

Wie christen sê, het klaar gesê: ek glo. Maar daarmee het ons reeds in stormagtige see beland. Sedert die koms van Jesus Christus na hierdie wêreld, was daar konflik oor die verlossing van die mens, wat deel is van die woorde: ek glo. Daar was stryd tussen Jesus en die Fariseërs, later tussen Paulus en die Judaïste, nog veel later tussen Rome en die Reformasie, die Reformasie en die Wederdopers, die Gereformeerdes en die Arminiane, en so kan 'n mens voortgaan tot vandag toe.

Dit is nog steeds so. Op die Christelike erf is daar talle "ware" kerke en 'n hele aantal kerke. Wat alles so verwarrend maak, is dat die "ware" kerke almal blaf: ek is die enigste waghond op hierdie erf! En almal gebruik die Bybel ter stawing van hulle aansprake.

Waar begin 'n mens om hierdie warboel te ontrafel? Daar is eintlik net een plek waar 'n mens kan begin en dit is by die vraag: Wát glo jy? Geloof het immers 'n inhoud, en wat hierdie inhoud is, is van deurslaggewende betekenis. Verder is dit ook waar dat die inhoud van die geloof op iets moet steun.

Die christelike geloof kan op niks anders as die Bybel gebaseer wees nie. Daarmee is ons egter nog lank nie uit die probleme nie, want wanneer ons rekenskap gee van die inhoud van die geloof, kom die verskille eers eg na vore.

'n Eerste stelling wat 'n mens sou kon maak is: die christelike geloof moet gebaseer wees op die feite wat die Bybel ons bied. Maar wat is 'n feit? Die Afrikaanse woordeboek sê 'n feit is 'n gebeurtenis wat werklik plaasgevind het. Fantasie, daarenteen, is iets wat geen feitlike grondslag het nie, maar alleen in die verbeelding bestaan.

Beskou 'n mens die heilsgebeure, kan dit só saamgevat word:
Kersfees — die geboorte van Christus is 'n feit.
Golgota — die kruisiging van Jesus is 'n feit.
Paasfees — die opstanding van Christus is 'n feit.
Hemelvaart — die hemelvaart van Christus is 'n feit.
Pinkster — die koms van die Heilige Gees is 'n feit.
Wederkoms — dié is eweneens 'n (toekomstige) feit.

Hierdie feite is reeds heilsgebeure genoem, m.a.w. hierdie dinge het werklik gebeur.

Vra 'n mens nou na die betekenis van hierdie feite, of anders gestel, waarom is Hy gebore, gekruisig en het Hy opgestaan uit die dood ens., dan gee die Bybel self vir ons die antwoord. (Joh. 3:16, Rom. 8: 31,32) God het dié heilsgebeure laat plaasvind vir ons. Dit het vir ons gebeur. 'n Mens sou dus die heilsfeite ook kon saamvat in die woorde: God vir ons. Hierdie woorde "God vir ons", hou in dat ons uit is. In die werk van die verlossing is die mens uitgesluit, maar in die dóél van die verlossing is hy ingesluit. Die mens het geen aandeel aan die verlosdaad nie. Die eingste "aandeel" wat die mens het, is die sonde (Calvyn).

En net hiér steek die storm van protes op. Die oerprotes van die sekte teen die kerk is dat die kerk nie erns maak met die mens se aandeel in die verlossing nie. Die Bybel roep immers op tot sondebelydenis en bekering! Hoe kan die mens uitgesluit wees? Hierin hoor 'n mens egter die klank van die pyn van die mens se bose hart wat nie sy eie geregtigheid uit die hand geneem wil hê nie; wat nie gedegradeer wil word tot 'n bankrot sondaar voor God nie; wat eerder die verlossing wil aanpas op 'n "Bybelse" manier by sy eie bose hart.

Dit is waar die bekoring van die fantasie lê. Die fantasie is interpretasie van die Bybelse feite van verlossing op só 'n manier dat die mens daarin geakkommodeer word, dat hy 'n aandeel daarin het. Die grens tussen feit en fantasie is eintlik baie dun, omdat albei oënskynlik op die Bybel gebaseer is. Die verskil is baie subtiel. Op die keper beskou, gaan dit oor die rangskikking van net drie woorde: God vir ons: FEIT. Ons vir God: FANTASIE.

Op die eerste manier spel die woorde tollenaar (bankrot sondaar), en op die tweede manier spel dit Fariseër (eie aandeel aan die verlossing). Die tragedie is dat daar in die tweede geval 'n swaar juk aan die sondaar opgelê word om sy kant te bring vir sy verlossing.

**Na bl. 18**